FOKUS OP DIE POLITIEK I

# *Robey Leibbrandt*

## DIE REBEL

J. H. LEROUX

VIR DIE INSTITUUT VIR EIETYDSE
GESKIEDENIS, UOVS, BLOEMFONTEIN

©*Kopiereg:* Instituut vir Eietydse
Geskiedenis UOVS, Bloemfontein

Uitgegee in 1976 deur INEG,
UOVS, Bloemfontein Geset in 10 op
11 pt Times Roman Gedruk en
gebind deur Nasionale
Boekdrukkery, Elsiesrivier, Kaap
Bandontwerp deur Daan Malan

ISBN O 86886 006 9

Publikasiereeks van INEG
B-reeks
Boek-publikasie

*Onder redaksie van* O. GEYSER J. H. LEROUX P. W. COETZER

Alle regte voorbehou.
Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of gebruik word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, met inbegrip van fotokopiëring of die maak van mikroflches, plaat- of bandopnames of deur inligtingsbewaring en ontsluitingstelsel sonder die skriftelike verlof van die uitgewer nie.

*„Vryheid sonder stryd, opoffering en bloed, is* 'M *illusie en bestaan alleen in die beneweide gedagtewêreld van eerlose lafaards."*

**ROBEY LEIBBRANDT**

*Inhoud*

11 Die Leibbrandts
14 Robey se jeugjare
18 Die sportman
26 Die Nasionaal-Sosialis
33 Terug in Suid-Afrika
51 Leibbrandt gevange geneem
59 Robey in die tronk
67 In die skadu van die galg
76 Vrylating
82 Die laaste skof

# *Voorwoord*

Die skryf van hierdie lewenskets van Sidney Robey Leibbrandt berus in 'n groot mate op inligting wat uit Leibbrandt se on-gepubliseerde outobiografie, GEEN GENADE, versamel is. Daar moes uit die aard van die saak selektief te werk gegaan word, aangesien die relaas van sommige gebeure 'n sterk per-soonlike inslag het. Ruimer en aanvullende navorsing moes ook onderneem word vir die voltooiing van die werk aangesien Robey se outobiografie slegs oor sy lewe tot en met sy vrylating uit die gevangenis in 1948 handel. Oor sy lewe en strewe is waardevolle materiaal in sy private dokuroenteversameling gevind wat sy eggenote, mev. E. Leibbrandt, aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geskenk het. Hierdie navorsingsmateriaal, tesame met 'n reeks persoon-like onderhoude en kontak wat samesteller met Robey Leibbrandt voor sy dood gehad het, het die taak veel vergemaklik om 'n lewenskets van hierdie omstrede figuur in ons Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis die lig te laat sien. 'n Woord van hartlike dank aan dr. F. J. van Heerden wat waardevolle wenke by die lees van die manuskrip aan die hand gedoen het.

BLOEMFONTEIN J. H. LE ROUX
Januarie 1976

# *Die Leibbrandts*

Die Leibbrandts was in 1911 reeds gevestigde inwoners van die Transvaalse dorp, Potchefstroom. Die hoof en vader van hierdie Afrikaanssprekende gesin was Meyder Johannes Leibbrandt. Hy was 'n Vrystater van geboorte. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy die wapen opgeneem en as veld-telegrafis in die Boeremagte diens gedoen. „Oom John", soos M. J. Leibbrandt later alom bekend was, was in die latere jare transportryer in die destydse Duitse kolonie, Duits-Suidwes-Afrika. Hoewel hy van Duitse herkoms was en ook 'n hoe dunk van die Duitsers gehad het, kon hy geen woord Duits praat nie.
Die drang na soldaat wees, was egter altyd sluimerend. Hy sluit gevolglik in 1912 by die pasgestigte Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag in Potchefstroom aan. Vroeg in 1914 is hy na Graaff-Reinet verplaas. In hierdie gemeenskap was hy 'n gees-driftige ondersteuner van die nuutgevormde Nasionale Party, onder leiding van „die grootste Afrikaner wat Suid-Afrika nog ooit opgelewer het, - James Barry Munnik Hertzog". Leibbrandt se vader het egter geen aktiewe aandeel in die partypolitiek gehad nie en ondanks sy agting vir generaal J. C. Smuts, het hy nooit aan die Suid-Afrikaanse Party behoort nie. Volgens Robey was sy vader sy lewelank 'n vurige Nasionalis. Vir hom was nasionalisme die simbool van vrywillige en onbaatsugtige opoffering van alles wat vir die mens skoon, edel, heilig en waardevol is in diens van die ewig vlammende ideaal, van volk en vaderland. Hy het nie geglo in ekstremistiese helde wat gedurig gesê het: „Ek sal lewe, ek sal sterwe, ek vir jou Suid-Afrika", maar dit dan terselfdertyd negeer het nie. Baie van hierdie kenmerkende karaktereienskappe van „Oom John" is later duidelik te bespeur in die persoonlik-heid van sy seun, Robey.
Met die uitbreek van die Rebellie in 1914 is sersant-majoor M. J. Leibbrandt 'n offisiersrang aangebied, onder voorwaarde dat hy die Unie-troepe met die inval in Duits-Suidwes-Afrika moes vergesel. Die aanbod het hy egter van die hand gewys met die verweer dat hy geen aandeel in so 'n rooftog wil hè nie; hy was lid

van 'n verdedigingsmag en nie van 'n veroweringsmag nie. Om dié rede is hy tot die verstryking van sy dienstermyn in 1930 nooit bevorder nie. In Junie 1954 is „Oom John" Leibbrandt oorlede en te Pretoria ter ruste gele.

Die oorledene se vrou was 'n nooi Susan Marquerite Joyce. Haar vader het uit Ierland na Suid-Afrika emigreer en is hier met 'n Suid-Afrikaanse meisie getroud. Susan was die oudste dogter van 'n Joyce-gesin. Haar broer was die bekende ds. William Robey Joyce waarvan later meer vertel word. Gedurende die Tweede Wereldoorlog het 'n neef van Robey Leibbrandt se moeder, William Joyce, groot opspraak verwek. Hy was ook bekend as Lord Haw-Haw, wat gedurende die oorlog oor die Duitse radio propaganda uitgesaai het. Volgens Robey was dit moeilik om te se wie die knapste was, Joyce of dr. Erik Holrn. Soos Robey dit stel: „Hoewel nie een van die twee Duitsers was nie, het hulle uit heilige oortuiging geglo dat hulle reg gehandel het. Vandag is die skrif onherroeplik duidelik aan die muur. Selfs 'n blinde kan dit lees. Nasionaal-sosialistiese Duitsland is verpletter. Slegs met Westerse hulp en Westerse wapens kon die Kommunistiese monster seëvier. Nou kan ons ruiterlik erken: William Joyce en Erik Holm het vïr ses lange jare dag en nag gewaarsku teen die Kommunistiese gevaar as Duitsland oorrompel sou word. Elke voorspelling was gegrond op louter logika en gesonde verstand. Daar is nie gedobbel met wensdenkery nie." Na die oorlog is William Joyce ter dood veroordeel en in Engeland tereggestel. Die eerste kind uit die huwelik van Meyder Johannes Leibbrandt en Susan Marquerite Joyce was 'n dogter, Rachel, of Ray, soos almal haar genoem het. Vyf jaar later is 'n seuntjie, Meyder, tot groot vreugde van die vader gebore en is hy na hom vernoem. Geeneen van die Leibbrandt-kinders het Oom John en sy gade soveel pyn, kommer en vermoeienis as juis die derde oudste be-sorg nie. Die seuntjie is op 25 Januarie 1913 te Potchefstroom gebore en in die statige Tweetoringkerk te Bloemfontein is hy tot Sidney Robey Leibbrandt gedoop. 'n Derde seun, Eben, is in Januarie 1915 gebore. Twee jaar na Eben is nog 'n dogter, Elzabe, gebore. Gedurende die oorlogsjare was sy venynig skerp en uit-gesproke. Ter geleentheid was Elzabe saam met Eben aangekla vir dwarsboming van die gereg en pogings tot sabotasie, waarna albei in die tronk beland het. Te midde van die gespanne oorlogsatmosfeer, het Elzabe later met behulp van ene Martin Brink haar broer, Meyder, uit die muitere hospitaal Voortrekkerhoogte help ontsnap. Meyder was destyds instrukteur in die Weermag en toe

hy aangesê is om vir oorlogsdiens na die Noorde te vertrek, het hy summier geweier. Weens hierdie onbesonne daad is hy gestraf en na die detensiebarakke gestuur. By wyse van 'n slim set beland hy in die muitere hospitaal om van daar te ontsnap. Veel later het hy homself, op aandrang van sy vader, aan die muitere owerheid oorgegee. Meyder is twee maande tronkstraf opgelê en by sy ontslag is hy na die interneringskamp by Koffiefontein gestuur. Hier het hy met die Ossewabrandwag se kampleier gebots en is gevolg-lik na die „Ramkamp" oorgeplaas. Die „Ramkamp" was spesiaal vir die revolusionêres onder die geïnterneerdes geskep. Volgens Leibbrandt was van Suid-Afrika se beste mense-materiaal hier te vinde.
Wat die Leibbrandt-gesin betref, was daar benewens die eerste gaping van vyf jaar, slegs 'n verskil van twee jaar tussen die res van die kinders.
Dulcie het net na Elzabe, wat in 1949 oorlede is, gevolg. Regina was die jongste dogter en op sportgebied was sy die veelsydigste van die Leibbrandts. Sy het onder andere vir 'a aantal jare Noord-Transvaal op die hokkieveld verteenwoordig. Oloff, die jongste van die Leibbrandt-gesin, is in 1952 aan kanker oorlede.

# *Robey se jeugjare*

Kort na Robey se geboorte is sy vader na Graaff-Reinet verplaas waar hul tien jaar gewoon het. Op die vroeë ouderdom van vyf jaar het Robey reeds met die skoolbanke kennis gemaak. Skool-gaan was vir hom 'n heerlike avontuur en hy het vroeg reeds die kuns aangeleer om soos die ouer seuns rook deur hulle neuse te blaas en homself met kaalvuis te laat geld.

In 1918 het die Leibbrandts na Noordstraat verhuis. Die woning was 'n ou dubbelverdiepinghuis vvat veel nader aan sy vader se werksplaas, die Verdedigingsmagkantore, was, Dikwels is hy as jong seun na die mark gestuur om inkopies vir sy moeder te doen. Ewe manhaftig het hy hier penniegewys, tot ergenis van vele groot-mense, op die botterprys gebie. Robey vertel dat hy vroeg in sy lewe reeds die waarde van geld leer ken het. Wat hy egter die beste en spoedigste geleer het, was om sy vuiste te gebruik en onder alle omstandighede sy man behoorlik te staan. Robey se hieroor onder meer: „In ons huisgesin was en is daar geen lafaards nie." Robey en Meyder was in alle opsigte tipiese seuns, en gedurig met die klonkies oorhoops. Die „Slag van Bloedrivier" moes her-haaldelik oorgeveg word - kaalvuis. Soos uit die roemryke verlede van die Voortrekkers, was getalle-oorwig altyd die deurslaggewen-de faktor, maar van vlug of terugwyk was daar geen sprake nie. Hy het opgegroei met die idee en oortuiging dat hy geen nederlaag kon ly nie. Dit is 'n karaktereienskap wat trouens in sy latere lewe en optrede al hoe sterker op die voorgrond getree het. As kind het hy 'n sorgvrye en ongebonde lewe gevoer. Sy eerste doelbewuste poging om te rebelleer was in 1922. Die Voortrekker-beweging is in hierdie jaar op Graaff-Reinet deur Robey se klas-onderwyser, dr. Japie Heese, in die lewe geroep. As avontuurlus-tige seun was Leibbrandt een van die eerstes om by die beweging aan te sluit. By geleentheid het die Voortrekkers op 'n dag by Tweede Fonteintjie gaan kampeer. Toe dit begin skemer word, moes die klein Leibbrandt tot sy ontsteltenis ontdek dat van die ouer seuns aangestel is om oor die kleintjies toesig te hou. Hieroor was hy bitter teleurgesteld. Die gedagte dat groter seuns oor hom moes baasspeel, het die vlam van rebelsheid in sy kindergemoed

aangeblaas. Daar en dan het hy en 'n paar maats besluit om sonder toestemming met die terugtog huis toe van die hoofgroep weg te breek. Klein Kaltenbrunn, 'n broer van die bekende fietsryer, sou die vyf jeugdige rebelle gaan wys waar 'n bynes was. Laat die middag en na veel gesukkel is die nes van al die heuningkoeke beroof en het hulle heerlik aan die heuning, byewas en jongby gesmui. Sorgvry en gelate het die groepie op die walle van die Sondagsri-vier, elkeen met 'n droë doringboomwortel tussen die vingers ge-sit. Daar is gerook dat die dampe so staan en soos bedrewe tabakpruimers is daar kort-kort gespoeg, want die geelbruin vog van die boomwortels het die tonge en lippe erg laat brand. Niemand het egter gekla nie, want 'n man moet sy rook kan verdra en verduur. Die rustige atmosfeer was eensklaps verbreek toe Japie Heese, die onderwyser, ongesiens en ongehoord op die toneel verskyn het. Die nog brandende toppertjies is vinnig in die sand doodgedruk. Die kweperlat het spoedig daarna al die opgeskorte praatwerk ge-doen.

As instrukteur verbonde aan die Verdedigingsmag was Robey se vader onderhewig aan vele verplasings en gevolglik het hy sy skool-opleiding aan vyf verskillende skole ontvang. Dr. Von W. Eybers was skoolhoof van die Hoer Volkskool op Graaff-Reinet en volgens Leibbrandt het geen hoof soveel agting en bewondering by die skoliere afgedwing as hierdie lang, skraalgeboude onderwyser nie. Die skoolhoof se eggenote, mev. Tissa Eybers, was vir 'n tyd-lank Robey se geskiedenis-onderwyseres. Hy getuig: „Elke tragiese gebeure in ons volk se lydingstryd en wordingsgeskiedenis het sy treffend realisties aan ons geskilder. Een oorlogstoneel na die ander het voor my op die verbeeldingsdoek verskyn." Van Graaff-Reinet het die Leibbrandt-gesin in Maart 1924 na Port Elizabeth verhuis waar hulle in Noord-Einde 'n huis betrek het. Die naaste Afrikaansmedium skool was die Mackayskool. Robey was toe elf jaar en in standerd vier. Die gesin se verblyf in Port Elizabeth was van korte duur. Vroeg in die begin van 1925 was hul weer terug op Potchefstroom waar hulle sy vader se oorspronklike huis in Kortstraat 44 betrek het. Hier het Robey sy skoolloopbaan in die ou sinkgeboue van die skougronde, wat na die Hoer Volks-skool verdoop is, voortgesit. Hy het agtien maande lank hier skool-gegaan. In sy geboortedorp was hy weer eens „so tuis soos 'n sand-gogga in die woestyn".

Die Leibbrandts het hul in Julie 1926 finaal in Bloemfontein geves-tig waar hulle 'n muitere huis in Tempe bekom het. Die kinders is na verskillende skole in die stad gestuur. Robey en sy oudste broer,

Meyder, het hul skoolloopbaan aan Grey-kollege voortgesit. Hier het Robey vir die eerste keer professionele afrigting in die boks-kuns ontvang. Sy afrigter was ene sersant Walker. Hy was toe der-tienjaar oud en het 'n skamele 44 kg. geweeg. Dieselfde jaar het hy aan die skoolkampioenskappe deelgeneem en as bokskampioen van Grey uit die stryd getree. Onder sy skoolmaats het hy nou 'n „held" geword. Oor die begrip en betekenis van held-wees het Robey aan sy eie gevoelens soos volg uiting gegee: „Eienaardig hoe baie $_5$helde' ons in Suid-Afrika het. Dit is sporthelde, politieke helde, taaihelde, koerantpapierhelde en die duiwel weet watter soort helde nog. Met weinige uitsonderings staan hulle almal op kleipote. Is dit nie miskien omrede ons land wemel van fisiese en morele lafaards dat ons so graag praat en skry we van helde nie ? In die buiteland het ek nooit gehoor of gelees van hierdie goedkoop gefabriseerde helde nie." Hierdie verklaring is 'n kenmerkende openbaring van die persoonlikheid van Leibbrandt wat opsom-menderwys baie moeilik omskryf en na ware ontleed kan word. Op boksgebied het hy met verloop van tyd uitstekende vordering gemaak. Volgens hom het Torn Holdstock die fondament van sy boksloopbaan gele. Hy was 'n harde, dog baie simpatieke en reg-verdige leermeester. Robey het sy boksafrigting voortdurend met die kaalvuis afgerond en was die koning onder die ridders van kaal-vuisfaam. Hy was landdros en folterbank tegelyk, want die afknou en veronregting van kleiner kinders was vir hom uit die bose, en so het dit gebeur dat hy in baie skermutselinge betrokke geraak het ten einde onreg uit die weg te ruim. Hy noem ook die geval waar hy 'n stewiggeboude skrynwerker onder die stof geloop het omdat laasgenoemde 'n skoolmaatjie 'n pak slae gegee het. Robey het self egter 'n gebreekte duim in die geveg opgedoen. Robey vertel van die volgende lagwekkende insident wat hy as 'n jong knaap in 1928 beleef het toe hy ten tye van die jaarlikse land-bouskou met 'n kangaroe geboks het. Dit was glo 'n bloeddorstige geveg en hy moes vol stof, bloed en met 'n geskeurde broek die stryd gewonne gee. Die onverskrokkenheid en avontuurlustigheid van Robey as jong seun blyk duidelik uit sy herinneringe. Hierdie nherente eienskappe sou altyd by hom aanwesig bly en hy het dit nooit werklik ontgroei nie. Trouens, as volwasse persoon het dit later al hoe sterker op die voorgrond getree. As kind het hy nooit enige probleme met sy vader bespreek nie. Hy het sy eie besluite geneem en self die verantwoordelikheid van die resultate van daar-die besluite gedra. Sedert sy vroegste jeug het Robey 'n lewendige belangstelling in

liggaamsoefeninge, natuurgenesing en gesondheidsleer gehad. Toevallig het hy 'n geskrif oor die voordele en gebruike van vas deur Tromp van Diggelen ontdek. So het hy dan besluit om agttien dae lank te vas. Dit het beteken dat hy vir agttien dae geen voedsel, het-sy in vaste of vloeibare vorm, kon inneem nie. Na die vasperiode het hy wonderlik gevoel, was hy 'n nuwe mens en het selfs van 'n geskeurde maagspiertjie volkome herstel. Dit was egter nie slegs die voordeel van 'n gesonder mens te wees wat hieruit voortge-spruit het nie, maar in die proses is sy self beheersing tot die uiterste beproef en kon hy inderwaarheid ook 'n genot daaruit put om hom aan so 'n self-kastyding te onderwerp. Hierdie handelwyse van Leibbrandt sou later telkens herhaal word, veral in sy strewe na 'n gesonde en goed ontwikkelde liggaam - 'n strewe wat 'n obsessie by hom geword het. Hy het in menigte opsigte 'n Spartaanse lewe gevoer. In stede van 'n matras, het hy op planke geslaap en alleen van 'n klapperhaarkussing gebruik gemaak. Selfs wat sy eetgewoontes betref, het hy geen vleis, soetgebak of lekkers, tee of koffie gebruik nie. Tot in sy laat twintigerjare het hy getrou by hierdie voorskrifte gehou.

Ten tye van die Vrystaatse senior bokskampioenskappe in 1929 was die geluksgodin weer eens aan Robey se kant en het hy Vrystaat-kleure verwerf. Hy is saam met Len McLaughlin en Braam Maree gekies om die Vrystaatse liggewigtitel op die Suid-Afrikaanse bokskampioenskappe in Kaapstad te verdedig. As sestienjarige skool-seun was dit 'n besondere prestasie alhoewel die hoop op 'n oorwinning teen die meer senior boksers maar skraal was. Hy was selfs aangeraai om hom van die toernooi te onttrek. Die geveg teen die Olimpiese bokser, Ellis, het in 'n fiasko ontaard en moes stop-gesit word. Ellis het in dié geveg die Suid-Afrikaanse titel maklik verower en in 'n goeie sportmangees het die jong Leibbrandt sy nederlaag aanvaar. In die daaropvolgende jare sou Robey se talent as sportman geleidelik geslyp word en tot volle ontwikkeling kom.

# *Die sportman*

Die sewentienjarige Robey het in 1930 sy matrikulasie-eksamen met welslae afgelê. Sy ideaal om verder in die regte te studeer het weens die sameloop van omstandighede misluk. Dit was sy vader se wens dat hy hom vir 'n loopbaan in die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag moes bekwaam. Robey was een van die twintig ver-kose matrikulante wat as offisiere aan die Muitere Kollege te Voortrekkerhoogte opgelei sou word. Om een of ander onverklaarbare rede het hy hierdie opleiding nie voltooi nie en die dag toe hy die Kollege verlaat, het 'n donker wolk van verwarring en teleurstelling hom oorweldig. „Verstrooid het die wrakke van my vroeëre ideale langs die pad van my wensdrome gele. Ek was soos 'n blinde wat rondtas. Gelukkig is tyd 'n wonderlike heelmeester. Die noodlot het my kasty, geleuter en gebrei. Vandag kan ek filosofies se: ,Ontneem die lewe sy ewige stryd en die daarmee gepaardgaande verantwoordelikheid en die lewe verloor sy dinamiese aantrek-kingskrag en word so immobiel soos die dood.' " Robey het hierna die betrekking van assistent-superintendent van die munisipale swembad te Potchefstroom beklee. Sy ledige ure het hy verwyl deur boksonderrig te gee, Behalwe boksonderrig het hy ook aan dames liggaamsoefeninge gegee. Alhoewel hy geen Don Juan was nie, is sy klasse goed ondersteun. Ten tye van die Olimpiese boksproewe in 1932, was hy nog op Potchefstroom woonagtig en aangesien Wes-Transvaal nog nie oor 'n eie boksunie beskik het nie, kon hy gevolglik nie deelneem nie. Daar Leibbrandt reeds oor Vrystaatkleure beskik het, het hy nou die Vrystaatse boksunie genader om namens dié provinsie aan die Olimpiese boksproewe deel te neem. Sy versoek is toe-gestaan, mits hy bereid was om sy eie kostes te dra. Robey was vasbeslote om by hierdie geleentheid Springbokkleure te verwerf. Hy sou as die enigste Vrystater in die ligswaargewig afdeling teen die Natalse Kampioen, „Wild Cat" Mandy, kragte meet. Robey het bo alle verwagting in die geveg met 'n uitklophou gewen, maar in die proses ongelukkig 'n gebreekte duim opgedoen, as gevolg waarvan hy vir die Springbokspan na Amerika uitgesluit is. In sy amp as swembad-superintendent was hy nie gelukkig nie

en gedurende Maart 1932 het hy by die Suid-Afrikaanse Polisie-mag aangesluit en is in Troep 51 van die berede afdeling opge-neem. Die opleiding wat hy aan die Muitere Kollege deurgemaak het, het hom dadelik 'n voorsprong bo die ander rekrute gegee. Hy word spoedig as troepleier aangestel. Dit was nou sy verant-woordelikheid om toe te sien dat Troep 51 ten alle tyd netjies en ordelik moes optree. Alle geskille binne die groep se geledere het Robey ooreenkomstig sy eie aard self besleg, want enige persoon-Hke vete is nie tydelik met redenaarstalent nie, maar permanent met die vuis opgelos. Toe Robey in Augustus die nodige eksamens suksesvol afgelê het, is hy tot dril-instrukteur met die rang van onder-sersant bevorder. Vanaf 1932 tot 1935 het hy elke jaar aan die Polisie se bokskampioenskappe deelgeneem en vir vier agter-eenvolgende jare die wisseltrofee in sy afdeling verower. In 1933 het Robey tesame met drie ander polisieboksers as oefen- en skermmaats vir die bekende Suid-Afrikaanse swaargewigbokser, Don McCorkindale, opgetree. Laasgenoemde het vanaf Engeland gekom om Young Stribling van Amerika hier aan te durf. Sowel Stribling as McCorkindale was van wêreldformaat. Die ondervinding wat Robey as skermmaat teen McCorkindale opgedoen het, was vir hom van besondere waarde vir sy latere boksloop-baan.
Leibbrandt was absoluut begeesterd met die ideaal om die groen en goud kleurbaadjie te dra en daarom aanvaar hy 'n verplasing na Johannesburg waar hy by Jim Fennesy se boksskool aangesluit het. Hier het hy puik afrigting gekry en spoedig een na die ander opponent harpuis laat ruik. Leibbrandt was 'n bokser van groot formaat en is gevolglik teen uitstekende boksers soos Potgieter, swaargewigkampioen van Suid-Afrika in 1932, Nie Wolmarans, en andere in die kryt gestoot. Oor sy geveg met Potgieter het Robey vertel dat eersgenoemde die fatale fout begaan het om hom met brute slaankrag alleen te wou oorrompel. „So 'n poging slaag selde, want 'n bokser wat gespanne is, strem die soepelheid van sy bewegings. Indien die vernietigingsdrang sy hele wese oorheers, verdof dit sy sintuie en sy reaksie-vermoë word aan bande gele. Die gevolg was dat Potgieter daardie aand 'n groot loesing op die lyf geloop het." Volgens Leibbrandt was sy hardste en taaiste gevegte as amateur dié teen Nie Wolmarans. „Nie was nie alleen besonder taai nie; hy was gedurig op die aanval. Hy was die dapperste man wat ek in die bokskryt leer ken het." In 1933 was Robey en sy ouer broer, Meyder, ingesluit in die Polisiespan wat in Port Elizabeth aan die Suid-Afrikaanse ama-

teur-bokskampioenskappe sou deelneem. Albei broers het goed presteer. Meyder het die swaargewigtitel ingepalm en Robey het die ligswaargewigtitel verower. Toe die Springbok-boksspan 'n jaar later aangekondig word, was Robey se lank gekoesterde ideaal verwesenlik; hy was gekies om sy land op die Statebondspele te verteenwoordig. Sy jeugdroom het eindelik 'n werklikheid geword alhoewel die Springbokkleure nie soos 'n ryp vy in sy skoot geval het nie; dit alles het met veel volharding en opoffering gepaard gegaan.

In Londen het die Springbokspan naby Hyde-Park in 'n hotel tuisgegaan en die Suid-Afrikaanse boksers het elke oggend in die pragtige park vir die groot kragmeting geoefen. Robey moes teen die ligswaar-kampioen van die Britse Eilande, George Brennan, boks. Leibbrandt het Brennan met 'n uitklophou harpuis laat ruik, maar is terselfdertyd vir 'n ontoelaatbare hou gediskwalifi-seer. Dit was 'n bittere teleurstelling vir Robey en hy het die skeidsregter se beslissing skerp betwis. Alhoewel hy in die daaropvolgende geveg sy opponent van Ierland oortuigend verslaan en 'n bronsmedalje verower het, het sy diskwalifikasie tog 'n bitter smaak in die mond nagelaat.

Met sy terugkeer in Suid-Afrika het hy dadelik begin oefen vir die Berlynse Olimpiese Spele wat in 1936 sou plaasvind. Robey is intussen ook na Pietermaritzburg verplaas en op sy versoek binne enkele maande na Sydenham, 'n polisiestasie noord van Durban, Sy grootste probleem op dié tydstip was 'n gebrek aan skermmaats, en om dié struikelblok uit die weg te ruim, besluit Robey toe om die plaaslike Bantoe-ontspanningsklub vir skerm-maats te nader. So het dit dan gebeur dat Leibbrandt teen Bantoe-skermmaats geoefen het en hy was veral beïndruk deur die taaiheid wat hul aan die dag gele het. In sy herinneringe hieraan blyk dit weer eens duidelik dat Robey Leibbrandt geen genade gegee het en geen genade van iemand anders verwag het nie. Vir hom was die beginsel van die sterkste regeer deurentyd die belang-rikste maatstaf. Sy oordrewe selfversekerheid slaan telkens baie sterk na die oppervlakte, want hy was maar net nie vatbaar vir die oortuiging dat hy wel geklop kon word nie. Hy het immers groot-geword met die oortuiging dat hy geen nederlaag kon ly nie. Tydens die Suid-Afrikaanse bokskampioenskappe van 1935 in Kaapstad moes Robey hom weer eens as gevolg van 'n beseerde duim onttrek. As senior bokser het hy nou al meer as 'n honderd gevegte op sy kerfstok gehad en hiervan het hy negentig persent met uitklophoue gewen.

Na vier jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisie het Leibbrandt bedank en in Oktober 1935 het hy by die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawe-polisiekollege 'n betrekking aanvaar. In die nuwe betrekking was Robey nie baie gelukkig nie, want vir hom was daar te veel „baantjies vir boeties" vir onbevoegde persone geskep. Uit sy geskrifte en dokumente blyk dit egter duidelik dat Leibbrandt nie altyd die maklikste mens was om mee oor die weg te kom nie.

In 1936 is Robey gekies om Transvaal op die Olimpiese boks-proefwedstryde in Port Elizabeth te verteenwoordig. Hy was gelukkig om al sy gevegte met uitklophoue te wen. Daar was geen twyfel dat hy wel vir die Springbokspan na die Olimpiese Spele in Berlyn gekies sou word nie. Vir Leibbrandt was 'n lank gekoesterde ideaal daarmee verwesenlik en hy skryf soos volg hieroor: „Ek sou na Duitsland gaan en daardie legendariese figuur, Adolf Hitler, in lewende lywe sien." Hy was toe reeds drie en twintig jaar oud, maar het weinig belangstelling in die politiek gehad. Die besoek aan Duitsland sou egter 'n radikale omwenteling in sy lewe teweegbring, soos sy latere loopbaan en optrede sou getuig. Met hulle aankoms in Berlyn was die hele stad versier met Olimpiese vlae en in die strate is in reuseskrif verkondig dat die Duitse bokser, Max Schmeling, se oorwinning oor die Amerikaanse Neger, Joe Louis, 'n oorwinning vir die Duitse volk is. Dit het ongetwyfeld 'n geweldige indruk op die gees van Leibbrandt gelaat. „Die volle betekenis van nasietrots het langsamerhand tot my deurgedring en ek het plotseling politiek-bewus geword. Alles wat ek van toe af gesien en ervaar het, het ek politics begin ontleed. Ek het tot die besluit geraak dat my vaderland 'n geweldige agterstand het om in te haal." Wat hy presies met ,,'n agterstand" bedoel, het hy nie verder toegelig nie, maar dat daar by die aanskoue van hierdie geweldige magsvertoon van die Duitsers 'n kentering in sy gemoed begin posvat het, was alte duidelik.

Luitenant Freiherr von Vietinghof van die Duitse leer was die gids en gasheer van die Suid-Afrikaanse Olimpiese toerspan. Vir Robey was die organisasie, dissipline en vriendelikheid van die Duitsers onoortreflik. Dit was vir hom opvallend dat die Duitse soldaat alle range en nie slegs offisiere, salueer het nie. „Wat my egter die meeste getref het, was die wyse waarop die Duitsers mekaar gegroet het. In stede van die tyd van die dag aan te haal, het hulle net ‚Heil Hitler' gesê. Vir my as leek het dit meer ge-klink na spontane verheerliking van iemand wat hulle met die

grootste agting bejeën het." Met sy begrip van die Duitse taal, het hy deur middel van onderhoude 'n vae idee van die Duitser se denkrigtinge gevorm. Robey het vertel dat hy 'n geleidelike metamorfose ondergaan het en dat hy fanatiek in die reaksionêre politiek begin belangstel het. Dit was trouens alles toe te skrywe aan die geweldige invloed wat „Nasionaal-sosialistiese Duitsland op my as sluimerende jong man uitgeoefen het . . . By hulle het ek vir die eerste keer voedsel vir my vegtersgees ontvang." Te midde van al die opwindende gewaarwordinge het hy deeglik besef dat hy nie in Duitsland op 'n volksmilitêre sending was nie, maar om 'n goue medalje vir Suid-Afrika op die Olimpiese Spele te probeer verower. Hoe meer die Duitse koerante hom as bokser geprys het, hoe harder het hy geoefen. Leibbrandt het 'n groot bewonderaar van die Duitse swaargewig-bokser, Max Schmeling, geword. Dit was veral Schmeling se bokstegniek wat hom beïndruk het. Gedurende die Tweede Wereldoorlog was Leibbrandt en Schmeling tydens hulle opleiding as Duitse valskermsoldate, toevallig kamermaats. Met groot bewondering skryf Leibbrandt welke blywende indruk die persoon van Adolf Hitler op hom gelaat het met die aanskoue van die Führer tydens die verbymars met die openingsplegtig-heid van die Spele. „Vandag nog weet ek nie wat met my op daar-die oomblik gebeur het nie. Dit was asof ek deur 'n vreemde gewaarwording beetgepak is. Of dit sy nederige drag of sy magne-tiese persoonlikheid was wat my geboei het, weet ek nog steeds nie, maar dit was vir my kompleet of 'n hipnotiese krag my be-meester het.. . By die aanskouing van Adolf Hitler het die Duits-Ierse bloed onstuimig deur my Afrikanerhart gebruis." Die boksgevegte was almal in die reusagtige *Deutschland ffalle* beslis. Robey se eerste geveg was teen die Egiptenaar, Amin Amid, en laasgenoemde is redelik maklik met die kous oor die kop teruggestuur. Hy het ook 'n oorwinning oor sy tweede opponent, Johansen van Noorweë, behaal. Hier het Leibbrandt ridderlik getuig dat hy slegs met die geluk aan sy kant die geveg gewen het. Sy derde geveg was teen Havelka vanTsjeggo-Slowakye. Aan die einde van die tweede ronde het hy Havelka met 'n moorddadige regterswaaihou teen die kop getref en weer eens sy regterhand beseer. Hy het egter end-uit, te midde van veel pyn, volhard en die geveg in sy guns beklink. Ten spyte van sy erg beseerde hand het Leibbrandt hardkoppig geweier om hom aan die verdere gevegte te onttrek. Sy volgende kragmeting was teen die ervare Fransman, Michelot, wat toe iigswaarkampioen van

Europa was. Robey moes in die geveg te veel skerm vir sy beseerde hand en kon hom gevolglik nie na behore in die binne-gevegte laat geld nie. Dit alles het sy bokstegniek aan bande gele en die geveg is in Michelot se guns beklink. Hy het hom by die beslissing berus en homself getroos dat hy met twee gesonde hande wel veel beter kon gevaar het. Die Olimpiese ligswaar-gewigtitel is wel deur Michelot verower toe hy sy Duitse teenstander in die finale ronde oortuigend geklop het.

Na afloop van die Olimpiese Spele is die Suid-Afrikaanse boks-span genooi om aan 'n aantal gevegte in Duitsland en Switserland deel te neem, Robey het, ten spyte van sy beseerde hand, aan die toernooi deelgeneem. In Londen het Robey van die Suid-Afri-kaners wat toe huiswaarts gekeer het, afskeid geneem. Hy self sou nog 'n tyd in Europa verwyl. Vanaf Brittanje is hy terug na Duitsland om 'n kursus in liggaamlike opvoeding te volg en 'n studie van die Hitler-jeugbeweging te maak. Met sy aankoms in Duitsland was daar reuse-voorbereidings aan die gang vir die Rykspartyfees wat in Neurenberg gehou sou word. Deur bemiddeling van dr. George Leibbrandt, 'n bloedverwant van Robey, en Ryksampleier onder dr. Rosenberg, het hy 'n uitnodiging ontvang om die grootse verrigtinge by te woon. Vergesel van 'n SS-offisier het hy een oggend die feesvieringe bygewoon. Hy is skerp gekritiseer omdat hy tydens die verbymars van 'n kolonne SS-troepe nie die Nasionaal-sosialistiese saluut van „Sieg Heil" gegee het nie, maar vir hom as Suid-Afrikaner was dit op hierdie stadium nog heeltemal vreemd en ongewoon. Enkele dae na die afloop van die Rykspartyfees het Robey 'n onderhoud met prof. Carel Krümmel, hoof van die akademiese fakulteit van liggaams-opvoeding in Duitsland, gehad. Sy aansoek om verdere studie aan die Ryksakademie vir Liggaamlike Opvoeding in Berlyn is goedgekeur. Robey Leibbrandt het tot aan die einde van 1936 aan die akademie studeer voordat hy na Suid-Afrika teruggekeer het. Hy was egter vasbeslote om by 'n latere geleentheid Duitsland weer te besoek en sy verlange na die kamerade in Duitsland het hom later teruggevoer.

Terug in Suid-Afrika, het Leibbrandt weer diens as instrukteur in die Spoorwegpolisie aanvaar, maar was openlik ongelukkig in sy werksomstandighede, omdat van die junior personeellede bo hom tot offisiere bevorder is. Hieroor was Robey in sy eergevoel baie gekrenk. „Daar was geen reddingsgevoel om my eergevoel te red nie. Die grootste bron van gedurige kwelling was dat ek die verpersoonliking van die onreg my aangedoen nog boonop sou moes

salueer. Met ope gemoed en hoe verwagtinge het ek tot die geledere van die Spoorwegpolisie toegetree. Diep teleurgesteld het ek nou vaarwel gesê".

Vir 'n bokser van Leibbrandt se formaat was dit nie moeilik om tot die beroepswereld toe te tree nie. Spoedig het hy 'n kontrak met die *Union Sporting Club* gesluit. Dié promotorsliggaam het hom 'n bedrag van R2 400 binne die bestek van agttien maande gewaar-borg. 'n Engelse koerant van Johannesburg het onder die opskrif, „Leibbrandt Hipnotiseer Promotors" lang kommentaar oor die kontrak gelewer. In sy eerste beroepsgeveg op 13 Maart 1937 was Tom Porter die uitdager. Robey het die geveg oor ses rondes oor-tuigend met punte gewen. Die volgende belangrike geveg was op Potchefstroom, Robey se geboortedorp, teen „Tiny" de Swart, die Goliat van Transvaal. Dit was ongetwyfeld een van die kortston-digste gevegte in ons boksgeskiedenis, want Robey het sy teenstander binne die eerste dertien sekondes met 'n uitklophou planke toe gestuur. In Junie 1937 is Robey 'n geveg teen Jim Pentz om die swaargewigtitel van Suid-Afrika aangebied. Hierdie opelug-geveg het in die ou Wanderers-sportterrein plaasgevind. Dit was in die vierde ronde wat Pentz in 'n binnegeveg Robey se linkeroogbank tot op die been oopgekloof het, maar nadat die ergste bloeding gestop is, het die stryd tussen die twee bulle voortgegaan. Leibbrandt het alles in die stryd gewerp en bo verwagting Pentz met 'n uitklophou planke toe gestuur. Binne die kort bestek van drie maande en met ses gevegte agter die rug, het Robey die gesogte swaargewigtitel van Suid-Afrika verower.

Robey Leibbrandt se hart en siel was egter nie in die beroepskryt nie; dit was nie sy nering nie, maar slegs 'n middel tot 'n doel. Hy wou na Duitsland terugkeer en daarvoor het hy kapitaal benodig. Sy belangstelling om as beroepsbokser voort te gaan, het geleide-lik gekwyn en kort na sy verowering van die swaargewigtitel vertrek hy na Londen om sy studies in liggaamlike opvoeding aan die London College of Physical Education voort te sit. Hy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om tydens sy jaarlange verblyf in Londen 'n studie van die „verderflike Britse politiek" te maak. Hierna is hy na Denemarke om meer te wete te kom van die meto-diek van die Buchstelsel. * Hy verwyl 'n kort tydjie by die Niels Buch Kollege vir Liggaamlike Opvoeding op die eiland Fühn. Vanaf Denemarke is hy na Swede om in Lund 'n studie van die Sweed-

*Dit was 'n vorm van liggaamsoefeninge wat op ritmiese drilmaat uitgevoer is.

se liggaamlike opvoedingsmetodiek te maak. Robey het sy kursus met lof geslaag en 'n goue medalje is aan hom toegeken. Later is hy per boot na Finland om 'n kursus in muitere liggaamsopvoe-ding in Vierumaki te volg. Hy was veral beïndruk deur die dissi-pline en uithouvermoë wat die Finse soldaat aan die dag gele het. Robey se aansoek om 'n visum ten einde Rusland te besoek, is van die hand gewys. Hy het wel toestemming gekry om die Universiteit van Pilsudski in Warschau te besoek. Die dreigende oorlogs-wolke het intussen al hoe sterker oor Tsjeggo-Slowakye saamge-pak en hy was genoodsaak om na Hongarye uit te wyk. Met 'n gevoel van toegeneentheid teenoor die vriendelike Hongare, het Robey in Desember 1938 Hongarye verlaat om sy kursus aan die Ryksakademie vir Liggaamlike Opvoeding in Duitsland te voltooi. Robey Leibbrandt se terugkeer na Duitsland het 'n nuwe tydperk in sy lewe ingelui.

# *Die Nasionaal-Soslalis*

Aan die Ryksakademie ia Duitsland het Robey vier mede-Suid-Afrikaners ontmoet, onder andere M. J. Pienaar, wat later as Neef Buurman oor die Duitse Radio-omroep, Zeesen, bekend was en dr. Danie Graven, wat ook 'n kursus aan dieselfde inrigting gevolg het. Leibbrandt het beklemtoon dat net soos Ling die vader van die Sweedse gimnastiek was, was Frederick Ludwig Jahn die skep-per van die liggaamsopvoeding wat Nasionaal-sosialistiese Duits-land, onder die glorieryke leiding van Adolf Hitler, groot en mag-tig gemaak het. Hiervolgens was daar nou in Duitsland voortdurend van politieke liggaamsopvoeding gepraat. Die rede daarvoor was voor-die-hand-liggend, want ooreenkomstig die Nasionaal-sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing is die mens 'n politieke wese en behoort hy met geheel sy hart, siel, liggaam, gees en verstand aan daardie volk waaruit, waarin en vir wie hy gebore is. Dit was derhalwe die plig van elke volksgenoot om die eiendom van die volk tot die hoogste grens van ontplooiing te ontwikkel, te staal en te smee tot eer van die volksgemeenskap. In 'n twisgesprek met 'n medestudent het Robey die volgende aan-gehaal: „Net soos Christus 'n nuwe tydvak onder die heidene met Sy godsdiensleerstellinge ingelui het, so is Adolf Hitler tans besig om 'n nuwe idee en wêreldbeskouing aan alle volke te verkondig." Leibbrandt het beklemtoon dat tydens die bewind van Adolf Hitler daar ongelukkig 'n sekere soort Duitser ontpop het wat nie tussen trots en verwaandheid kon onderskei nie en dit was veral die groep „se helklinkende bombasme wat 'n verset by my uitge-lok het. Hulle was onteenseglik die oorsaak dat die buitewêreld 'n totaal verkeerde indruk van Nasionaal-sosialistiese Duitsland ge-kry het. Elke opregte Duitser, wat sy politieke oortuiging ook al mag wees, verfoei die geringste teken van s wakheid. Indien so 'n swakkeling nie oppas nie, sal die Duitser hom in die modder vertrap. Nie alleen het Adolf Hitler die Duitse volk met ongelooflike en fantastiese leiding na eteriese hoogtes gevoer nie, maar met die valbyl het hy hulle ook reggekap."

Leibbrandt se diepe en fanatieke bewondering vir die Duitse volk het uit sy ervaring van die Duitser gespruit, ,,Ek is egter self geen

Duitser nie en sal of kan ook nooit 'n Duitser wees nie. Nie alleen verbied my politieke geloof so 'n gedaanteverwisseling nie, maar is ek trots om die naam Suid-Afrikaner te dra. Die onverganklike liefde vir my eie volk in Suid-Afrika is gedurende die oorlogsjare deeglik getoets en duur beproef." Hierdie verduideliking was volgens Robey nie 'n powere poging om propaganda of verskoning vir óf Duitsland of Nasionaal-sosialisme te maak nie, maar bloot om sy optrede te verdedig teen die „duiwelse propaganda wat so onheilspellend diep in die harte van my mede-Suid-Afrikaner gesink het". Hy skryf onder andere dat in Nasionaal-sosialistiese Duitsland die fondament van sy studie in die politieke wetenskap stewig gele is. ,,Die magiese krag van die voorbeeld, waarop daar in Duitsland soveel klem gele is, is reeds deur die eeue oor en oor be-wys. Net soos die jeug word geen volk ter wereld deur toesprake of koerantartikels gelei nie, maar slegs deur die aangrypende voorbeeld." In hierdie gebesigde woorde lê ongetwyfeld boekdele op-gesluit. Die saamvattende definiëring van Nasionaal-sosialisme omskrywe hy soos volg: „Nasionaal-sosialisme het in sigself net louter daad beteken - opkomende dade in diens van jou eie volk en vaderland. Dit is 'n kragtige teenvoeter van of jingoïsme of In-ternasionaal-sosialisme wat 'n eufemisme vir Kommunisme is. Die mens se waarde is nie bepaal volgens wat hy weet nie, maar volgens sy vermoë om te kan doen. Duitsland was 'n land waar die idioom ,woorde wek maar voorbeelde trek' ten volle uitgeleef is." Hy vertel dat hy in Duitsland nooit gesien het dat 'n Duitser dit sou waag om selfs 'n stukkie botter van sy tafelmaat se afgemete porsie te neem nie, of geen motoris het ooit langs 'n motorpad stil-gehou om die boer se vrugteboord te besoek nie. Selfs 'n persoon wat dit sou waag om hom skuldig te maak aan die diefstal van 'n geskenkpakkie van soldate aan die front, is summier onthoof. Duitsland was trouens met 'n ysere hand regeer, want dit was al taal wat die Duitser verstaan het. Robey se oorgawe tot die Nasionaal-sosialisme het allengs in krag toegeneem en hierdie groeipro-ses het later volle wasdom bereik. Hy was nie alleen 'n oortuigende en toegewyde Nasionaal-sosialis nie, maar 'n fanatikus. Op 3 September 1939 het die onheilspellende oorlogswolke in 'n storm losgebars wat die ganse mensdom weer eens in die diepste ellende van smart en lyding gedompel het. Suid-Afrika het op 6 September as bondgenoot van Engeland ook oorlog teen Duitsland verklaar, en as burger van 'n vyandige land was daar vir Robey nie veel sprake van vlug nie. Sy geestesgemoed was in 'n ernstige vertwyfeling en wroeging, want hy wou en moes na sy eie land

terug. Op die ingewing van die oomblik besluit hy om 'n getroue en invloedryke vriend, prof. dr. Carel Krümmel, vir raad in dié verband te nader. In die onderhoud wat hierna gevolg het, het Ro-bey geesdriftig op die vraag geantwoord waarom hy nou na Suid-Afrika wou terugkeer: „Nie my volk nie, maar 'n vyandige politieke party het teen Duitsland oorlog verklaar. My plek is daar by my eie mense wat beslis weier om deur 'n toevallige parlementere meerderheid in 'n onsinnige oorlog gesleep te word. Ons is geen Britse agterryers nie en nog minder sal ons toelaat dat ons as Britse kanonvoer gebruik word." Die gesprek het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie en hy is aangeraai om in Duitsland te bly, want indien hy wel sou terugkeer, mag hy as 'n moontlike spioen beskou word, want dit was trouens geen geheim dat sy simpatie by die Duitse volk gele het nie.

Robey is hierna 'n tydelike betrekking as instrukteur by 'n lig-gaamsopvoedingsinstansie in Berlyn aangebied wat hy dankbaar aanvaar het, aangesien sy finansies nie te rooskleurig was nie. Hy het egter geensins van die voorneme afgesien om na Suid-Afri-ka terug te keer nie. Sy versoeke vir die nodige reisdokumente het steeds bly sloer. Op aanbeveling van prof. Krümmel is Robey na 'n leierskool in Neustrelitz waar daar van sy dienste as leerkrag in die liggaamsopvoeding gebruik gemaak is. Terwyl hy by die leierskool was, het hy ook van die geleentheid gebruik gemaak om as loods in die sweefkuns opgelei te word.

Gedurende 'n besoek aan Berlyn het Leibbrandt daarin geslaag om 'n onderhoud te kry met konsul-generaal Rudolf Karlowa, vroeër Duitse Konsul in Suidwes-Afrika en die hoof van die Duitse diplomatieke korps in Afrika. Leibbrandt het ongetwyfeld, alhoewel hy dit self nooit vermeld het nie, duidelik laat blyk dat sy terugkeer na Suid-Afrika met een of ander optrede teen die Suid-Afrikaanse oorlogsregering gepaard sou gaan. Die vraag is ook aan hom gestel watter vorm sy stryd in Suid-Afrika sou aanneem. Hierop het Leibbrandt geantwoord: „Dit kan nie vooraf bepaal word nie, Ek sal eers moet uitvind wat die oorlogstoestand in Suid-Afrika is, alvorens ek oor my optrede besluit." Die voorstel is aan hom gemaak dat alvorens hy na Suid-Afrika terugkeer, hy eers 'n valskermkursus moes slaag aangesien die moontlikheid dat sy terugkoms per vliegtuig sou geskied, nie uit-gesluit was nie. Vanaf Duitse kant is sonder twyfel opdragte aan Leibbrandt gegee wat by sy beoogde versetreaksie aansluiting gevind het. Wat die Duitsers wel met hom beoog het, sal seker nooit opgeklaar word nie.

Kort hierna is Leibbrandt na die valskerm-opleidingsentrum in Stendal gestuur en die strengste geheimhouding is van hom verwag. Hier was hy genoodsaak om eers amptelik by die Duitse leer aan te sluit. Sonder huiwering en gewetenswroeging het hy die eed af-gelê. „Ek was te eniger tyd bereid om as Duitse soldaat te veg en te sterwe om die behoud van die idee van Adolf Hitler. Vir my was dit 'n keuse tussen Nasionaal-sosialisme en Kommunisme." Robey was heeltemal tuis en gelukkig in hierdie „Hemelvaart-komman-do" en hy het spoedig al die tegnieke en kunsies van die valskerm-spronge baasgeraak. Na voltooiing van sy opleiding is Leibbrandt tot die rang van korporaal bevorder, en na 'n ander eenheid oor-geplaas wat met voorbereidings vir diens aan die oorlogsfront be-sig was. Terwyl hy met sy bevorderingskursus besig was, is Leibbrandt deur konsul-generaal, Rudolf Karlowa, na Berlyn ontbied. Hy is meegedeel dat die nodige toestemming van Duitse hoer gesag verkry is om hom, Leibbrandt, nou na Suid-Afrika terug te stuur. Die reis sou per seilboot geskied en nie per vliegtuig soos aanvank-lik beplan of beoog was nie. Dit is van Leibbrandt verwag dat hy in dieselfde nag van hulle aankoms, die marconis van die boot aan 'n Duitse agent in Lambertsbaai moes oorhandig. Hiermee was Leibbrandt egter nie gediend nie, maar aangesien daar vir hom geen ander uitweg was, het hy geen keuse gehad nie. Daar is by die geleentheid onder meer aan Robey genoem dat daar in Suid-Afrika 'n versetbeweging, die Ossewabrandwag, bestaan het wat ten sterkste teen die Regering se oorlogsbeleid gekant was. Dié beweging het ook kontak met Duitsland gehad en van tyd tot tyd is geheime berigte na Duitsland deurgestuur. Leibbrandt se nuus-kierige vrae omtrent die leier van die Ossewabrandwag is egter onbeantwoord gelaat.

Robey, eienaardig soos hy was, het sy eie toegedane mening gehad oor sommige leierspersoonlikhede en het die toets van ware leierskap soos volg omskryf: „Aangesien die Afrikanervolk in die verlede deur meer as een brandsiek hond, versier met 'n goue bel of gladde bek, na die slagpale van verraad en teleurstelling gelei is, is dit die heilige plig van elkeen van ons om die politieke verlede van elke sogenaamde leier na te vors en onder die siel-kundige mikroskoop te ontleed en moet ons luid en onomwonde die vraag stel: Jy wat daar vanaf die politieke verhoog so lekker praat, se eers vir ons wie en wat is jy? Waar kom jy vandaan? Wat het jy gedoen? Wat het jy gewaag? Wat het jy vrywiüig opgeoffer in diens van daardie ewig-vlammende ideaal, naamlik jou volk en vaderland om sodoende jou primêre aanspraak op

leierskap te regverdig?" Volgens hom word die grootheid van 'n leier nie getoets aan die rigting wat hy inslaan nie, maar wel aan sy bevoegdheid en dinamiese persoonlikheid om 'n konglomeraat van individue saam te snoer tot 'n hegte homogene gevolg. Vir hom het Suid-Afrika in die verlede nog net één man opgelewer wat in 'n sekere mate aan hierdie vereistes voldoen het, naamlik generaal J. C. Smuts, maar ongelukkig is sy visie soms deur eie hartstogte vertroebel. „Nie ek nie, maar die geskiedenis het reeds onweerlegbaar bewys dat generaal J. C. Smuts se oordeel alles behalwe suiwer was. Hy was nie alleen die grootste leier wat Suid-Afrika ooit geken het m'e, maar ook my grootste oorlogtydse vyand hier in my vaderland. Hy wou my verpletter en ek wou hom uitdelg. Hy was magtig en genadeloos. Ek was roekeloos en astrant. Hy was gekant teen Nasionaal-sosialisme en ek die ver-bete vyand van Kommunisme."

Robey Leibbrandt het voortaan onder die skuilnaam van Walter Kempf beweeg. Onder leiding van luitenant Christian Nissen sou hy en vyf ander manne die tog na Suid-Afrika meemaak. Leibbrandt het intussen al hoe meer onrustig begin raak oor die marconis, 'n Fransman in diens van die Duitse Geheime Diens, wat saam met hom in Suid-Afrika aan wal sou gaan. Selfs sy bedekte besware aan generaal Karlowa het op dowe ore geval. Enkele dae later is 'n stuk papier wat rofweg afgeskeur is, aan Leibbrandt oorhandig. Die ander deel van die papier was toe glo in die Duitse agent in Kaapstad se besit. Robey en die marconis sou naby Lambertsbaai afgelaai word en van daar met 'n rubber-bootjie tot by die kus roei. Hulle kontakpersoon was by die Lambertsbaai Hotel en indien hy oor die ander helfte van die af-geskeurde stuk papier beskik, moes hulle nie twyfel oor sy identiteit nie. Dié persoon het reeds waardevolle spioenasiewerk vir Duitsland in Portugal gedoen en dit was aan hom wat Robey die marconis moes oorhandig. Enige inligting betreffende die politieke en oorlogstoestand in Suid-Afrika moes Robey in kodevorm aan die agent oorhandig wat dit weer op sy beurt na Duitsland sou deurstuur. Hy moes ook probeer kontak maak met die leier van die Ossewabrandwag-beweging, maar met dien verstande dat hy geen persoon in sy vertroue moes neem nie. Leibbrandt se af-skeidswoorde aan Karlowa was: „Heil Hitler, ek groet die Führer! Die Vierkleur hoog!"

Die seiljag waarmee hulle na Suid-Afrika sou vaar, het slegs een mas en 'n hulpmotor gehad en het die *KYLOE* geheet. Dit was die eiendom van 'n Fransman, maar kort voor die oorvaart

is die *KYLOE* deur die Duitsers gekonfiskeer. Leibbrandt se bagasie het die volgende ingesluit: 'n tas met klere, die radio-sender wat hy aan die Duitse agent moes oorhandig en 'n opge-voude rubberbootjie waarmee hulle aan wal moes gaan. Die radiosender was in 'n groengeverfde metaalhouer verseël. In sy herinneringe het Leibbrandt telkens die feit beklemtoon dat hulle vanaf Frankryk na Suid-Afrika met 'n seilboot gevaar het en hoegenaamd geen duikboot nie. Die verdigsel van 'n duikboot aan die Suid-Afrikaanse owerhede was bloot om sy Duitse kamerade op die seilboot te beskerm. Heel gou het almal later die storie van die duikboot aangeneem, sodat dit selfs later in die Hof bevestig is.

Uit die staanspoor het Robey en luitenant Nissen, wat in bevel van die ekspedisie was, nie gestrook nie en het hulle voortdurend swaarde gekruis. Dié karaktereienskap van Leibbrandt om spontaan in opstand te kom teen gesag, het herhaaldelik gedreig om tot uitbarsting te kom.

Teen ongeveer tienuur die oggend van l April 1941 het die *KYLOE* uit die hawe van Paimpol vertrek.* Terwyl hy op die agterdek gestaan het, het Robey aan homself gesê: „Niemand weet wat my planne is nie, nie eens ek self nie. Die daad en die daad alleen gaan my selfopgelegde missie vertolk. Ek is alleen aan God verantwoording verskuldig en aan niemand anders nie." Soos dit later sal blyk, het Leibbrandt reeds die gedagte in sy binneste vertroetel dat hy op een of ander manier generaal Smuts wou elimineer, om langs daardie weg Suid-Afrika se oorlogspoging en deelname in duie te laat stort of ernstig te skaad. Om sover moontlik die gevaar te ontwyk, het hulle van die Franse kus tussen Engeland en die kus van Noord-Afrika verby na die Asore gevaar, daarvandaan suidweswaarts in die rigting van Suid-Amerika en toe weer met 'n boog na die Weskus van Afrika. Die reis het stadig en vervelig verbygegaan. Soms was die wind swak en het hulle twee dae aaneen windstilte ondervind sodat hulle verplig was om van die hulpmotor gebruik te maak. Die bemanning se senuwees was tot die uiterste gespan, want voortdurend was die gevaar daar dat hulle moontlik deur 'n vyandige vliegtuig of skip aangeval of voorgekeer kon word. Humeure het hoog gevlam en 'n botsing tussen Leibbrandt en Nissen het nie

*'n Relaas van die reis word beskryf in die boek van Charles Wighton en G\mter Peis, *They Spiedon England,* Odhams Press, 1958.

uitgebly nie, veral toe eersgenoemde volstrek geweier het om die marconis saam met hom aan wal te neem. Leibbrandt se besware was dat die man nog Afrikaans nog Engels kon praat en slegs die hele bemanning se lewe in gevaar sou stel, indien hy gevang sou word. Nissen het hierna gedreig om dadelik die reis te stop en na Duitsland terug te keer. Leibbrandt wat hom hierna met 'n pistool gedreig het, het Nissen egter geen wye keuse gelaat nie en die reis is voortgesit met die besluit dat Leibbrandt alleen aan wal sou gaan. Op 15 Junie 1941 was hulle regoor die kus van Namakwaland, 'n droë, dor woestynagtige landstreek soos dit op die landkaart aangedui is. Dit was hier waar Leibbrandt besluit het om aan wal te gaan.

# *Terug in Suid-Afrika*

Dit was 'n gitswarte nag op 15 Junie 1941 toe Robey Leibbrandt die manne op die seiljag 'n hartlike „Sieg Heil" toegeroep het en met die rubberbootjie in die rigting van die donker kuslyn begin roei het. Sy proviand was 'n paar stukkies droëwors, 'n hoeveelheid blokkies druiwesuiker en drie botteltjies sodawater. Die see was betreklik kalm, maar tussen die drie en vier myl na die kus kon intussen baie dinge gebeur. In die stilte van die nag kon hy in die verte duidelik die branders teen die rotse hoor breek. Na 'n worsteling en gespook het Leibbrandt sopnat, doodmoeg en yskoud die strand gehaal nadat 'n brander die rubberbootjie laat kantel het.

Nadat hy weer sy kragte herwin het, het hy die rubberbootjie stelselmatig stukkend gesny en sorgvuldig onder die sand be-grawe om alle moontlik leidrade uit te wis. Die een roeispaan het hy in twee stukke gebreek en 'n stuk saam met die bootjie diep begrawe.* Die verklaring van Leibbrandt dat hy per duikboot hier aangeland het, het heelwat persone onder 'n wanindruk gebring. Hy moes 'n leuen en 'n storie versin wat die bemanning van die *KYLOE* nie in gevaar sou stel nie. Die duikboot-verdigsel het vir hom die aanneemlikste geklink en tegelykertyd sou dit die Geallieerdes slapelose nagte besorg om te dink dat die Duitsers oor duikbote beskik het wat ongesiens duisende myle kon aflê. Hierdie verdigsel het Robey later met soveel oortuiging aan die mense opgedis dat almal dit geglo het. Niemand het geweet, nie eens sy ouers, broers en susters nie, dat hy in werklikheid met 'n seiljag gekom het nie.

Verdwaal, verhonger en ylend van die dors het Robey 'n paar dae in die dorre woestyngebied rondgeswerf. Innerlik was hy in 'n hewige tweestryd gewikkel; moes hy hom maar nie liewer self aan die Suid-Afrikaanse owerheid oorlewer nie ? Sy trots het egter

*Die stuk roeispaan en Robey se politieke dokumente en geskrifte word tans by die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bewaar.

die oorband gekry en hy het besluit om voort te gaan op die aan-vanklik beplande weg. Hy sou nie die vertroue wat in hom gestel was, beskaam nie. Die knaende stryd teen dors het uitputtend en verlammend op hom begin inwerk. Uit pure vermoeienis het hy neergesak op sy knieë en 'n gebed tot God geprewel. Patatagtige wortels wat hy uitgegrawe het, het die ergste dors gestil en sy ge-barste lippe klam gemaak. Die tweede nag van sy omswerwinge het hy koud en nat wakker geskrik. 'n Ligte reënbui het intussen uitgesak sodat hy lafenis in die poeletjies water wat op 'n klipplaat opgevang is, kon vind.

Op die derde dag van sy omswerwinge het Leibbrandt 'n Kleur-lingskaapwagter teëgekom. Sy uiters gehawende toestand en voorkoms het die skaapwagter bykans op vlug gejaag, maar die Kleurling het hom tog beduie waar die naaste plaashuis was. Dit was reeds sterk skemer toe Robey die plaasopstal nader.

Leibbrandt het homself as 'n Smit aan die boer, Engelbrecht, voorgestel en die versinsel opgedis dat hy een van twee studente was wat op 'n staptoer verdwaal het. Die verdigsel van Leibbrandt, veral in sy gehawende toestand, is egter nie sonder twyfel aanvaar nie en die nadruklike vrae van die boer het laat deurskemer dat hy Leibbrandt as 'n Duitse spioen of 'n Smuts-agent verdink het. Die gedagte dat hy aan die owerhede oorgelewer kon word, het Robey ontstel, want te veel onnodige vrae kon op dié tydstip uiters gevaarlik en baie lastig wees. Die gasvryheid wat Leibbrandt daarna ontvang het, was so tipies van die boere van dié geweste dat sy ergste vrees vir uitlewering feitlik verdwyn het.

Met dagbreek die volgende dag het Leibbrandt saam met oom Joos Koelenberg, soos die boer, Engelbrecht, onder die Na-makwalanders bekend was, met 'n perdekar na Wallekraal vertrek. Hier is Robey aan die plaaslike skoolhoof, Karel Meiring, voorgestel en dit was deur laasgenoemde se bemiddeling en toedoen dat Leibbrandt saam met twee Mostert broers per motor na Kaapstad kon vertrek. In Kaapstad het Leibbrandt onmiddellik 'n ou kennis uit Graaff-Reinet se dae, mevrou Annakie Grobbelaar, opgespoor en van haar heelwat van die Ossewabrandwag se bedrywighede te wete gekom en ook die name van die leidende persoonlikhede van die beweging wat hulle in Kaapstad bevind het, bekom. Uit wat aan hom vertel is, was Robey reeds van die O.B. se metodes van optrede teen die Smuts-regering bewus, maar hy wou graag uit die mond van gesaghebbende persone hoor wat

die eintlike strewe van die O.B. was en hoe hulle daardie ideaal wou verwesenlik.

Hy het daarin geslaag om met een van die ïeierspersoonlikhede van die O.B.-hiërargie, J. A. Smith, kontak te maak. Vir Smith het hy reeds van Graaff-Reinet se dae geken, toe hy nog die re-dakteur van 'n plaaslike koerantjie, *Die Spandau,* was. Die ontmoeting het nie baie gunstig verloop nie. Leibbrandt is naamlik baie wantrouig ontvang en die storie oor sy koms van Duitsland is nie sonder meer aanvaar nie. Hierdie wantroue was in 'n groot mate geregverdig, aangesien daar talie skuiwergate in sy ver-tellinge daarvan was. In die samesprekings wat hierna gevolg het, het Leibbrandt erg driftig en opgewonde geraak, veral toe Smith, wat die Assistent-Kommandant-generaal van Kaapland was, aan hom die vraag gestel het of Duitsland bereid sou wees om 'n be-sending wapens na Suid-Afrika te stuur.* Leibbrandt was die mening toegedaan dat die O.B. d.m.v. geweld teen die Smuts-regering in opstand wou kom. So iets het hy as waansinnig en belaglik bestempel. Teenoor O.B.'s wat sodanige gedagtes ge-koester het, het Leibbrandt die vraag gestel: „Teen wie gaan julle veg? Teen generaal Smuts se gedissiplineerde magte, toe-gerus met alle moderne krygstuig, insluitende vliegtuie, pantsermotors, kanonne en wat nog meer!" Op die vraag oor wat nou eintlik die doel van sy koms na Suid-Afrika was, het Leibbrandt laat blyk dat hy gekant was teen grootskaalse burgeroorlog wat ook die vrouens en kinders in ellende kon dompel. Daarenteen wou hy „met 'n paar daadkragtige en offervaardige manne die wil van die Afrikanervolk in die ewiggeldende daad konkretiseer. Hierdie kerngroep wil ek saamsmee tot 'n hegte, homogene veg-tende eenheid wat bereid sal wees om, indien nodig, die hoogste offer te bring."

Indien van die O.B.-lede hulle by hom en sy kerngroepie wou aansluit, het hy geëis dat hulle hom onverbiddelik en getrou moes volg. Hieruit blyk dit duidelik dat Leibbrandt homself die leierskap van

*Wapengeweld was nooit die amptelike O.B.-beleid gewees nie.Ditkanegter nie ontken word dat daar wel prominente O.B.'s was wat in daardie rigting gedink het nie. Diegene was egter relatief geïsoleerd en uiteindelik daarvoor verantwoordelik dat die O,B. in ledetal aanmerklik gekwyn het. Vgl. F, J, van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme as faklor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948,* pp. 302-303.

dié groepie rebelle, saboteurs, of wat hulle ook al genoem sou word, toegeëien het. Na die mislukte samesprekings met Smith het Leibbrandt, op aanbeveling van Smith, na Bloemfontein vertrek om daar met die Vrystaatse Assistent-Kommandant-generaaï oor sy beoogde planne te gaan beraadslaag.*

In Bloemfontein het Robey daarin geslaag om 'n onderhoud met die Vrystaatse Assistent-Kommandant-generaaï van die O.B. te kry. Oor die verloop van dié samesprekings het hy egter geen melding van gemaak nie, behalwe dat die „selfaangeblase vrees van die mense in Suid-Afrika . . . en die kinderagtige en belaglike grootdoenery van die O.B. se leier-hiërargie, my langsamerhand die duiwel in gemaak het. Ek het nie na my vaderland teruggekeer om hier deur 'n spul opgeblase loodsoldaatjies oorheers te word nie." Uit hierdie gedagtegang van Robey skemer dit baie duidelik deur dat hy vir homself 'n groter ontvangs deur die O.B,-leiers in vooruitsig gestel het en nou na 'n ietwat kille en koue houding van dié persone, teleurgesteld en ontnugter was, vandaar sy skerp venynige uitlatinge teenoor dié organisasie. Dit is nie te betwyfel nie dat die O.B.-leiers geweet het dat daar letterlik en figuurlik in Leibbrandt dinamiet geskuil het en dat onverantwoordelike optrede slegs met rampspoedige gevolge gepaard sou gaan, iets wat hulle ten alle koste wou vermy.

Dieselfde dag van Robey se ontmoeting met die Vrystaatse O.B.-leier, is hy aan ene Hendrik Erasmus voorgestel, wat saam met hom na Namakwaland teruggegaan het om die versteekte radiosender te gaan opdiep. Hierna het hulle weer eens na Bloemfontein teruggekeer. Min het Leibbrandt geweet dat sy ontmoeting met Erasmus deeglik deur die O.B. beplan was. Erasmus was 'n offisier in die meer militante geledere van die O.B., ook bekend as die Stormjaers, en hy is aangesê om meer van Leibbrandt se planne en doel-stellinge te wete te kom. Wat Robey Leibbrandt se groot en uit-eindelike doel agter alles was, was op hierdie stadium nog duister aangesien 'n gebrek aan planmatigheid in sy optrede duidelik ge-blyk het. Tydens 'n gesprek met Erasmus het Robey die volgende te kenne gegee: „Indien generaal Smuts nie tot besinning kom nie,

*Dit moet egter vermeld word dat Robey se vertellinge en herinneringe oor en van die O.B. dikwels persoonlik gekleurd is en daarom word Leibbrandt se eie woorde en gedagtes telkens weergee om die leser in staat te stel om 'n idee van Leibbrandt se persoonlikheid te vorm sonder om dit totaal uit verband te ruk, want dit moet gesien word teen die agtergronds- en tydsom-standighede waarin die gebeure plaasgevind het. Vgl. opmerking in *Voorwoord.*

gaan ek onverwyld tot die stryd toetree en teen Jan Smuts veg, nie in sy hoedanigheid as leier van die Verenigde Party nie, maar as bondgenoot van Kommunistiese Rusland." Leibbrandt het beslis nie daaraan geglo om 'n wag voor sy mond te plaas nie, want uitlatinge van dergelike aard in hierdie tyd, kon hom aan onmiddellike vervolging van owerheidskant blootgestel het. Hy het duidelik aan Erasmus te kenne gegee dat hy die integriteit en bekwaamhede van die O.B.-leier en Kommandant-generaal betwyfel het. Letterlik het hy Erasmus onder kruisverhoor geneem om meer van die K.G. se militêr-politieke verlede te wete te kom. Leibbrandt het gereken dat dr. Hans van Rensburg nie die geskikte leier vir lede van die O.B. in tyd van volksnood en volksgevaar was nie, en het later selfs 'n verbete vyand van Hans van Rensburg ge-word. In sy herinneringe as Kommandant-generaal van die Osse-wabrandwag merk Hans van Rensburg tereg die volgende oor Leibbrandt op: „We were not shifting mountains fast enough to his liking and were altogether too ladylike for the job." Diegene wat hulle rondom Leibbrandt geskaar het, het geleidelik in getalle toegeneem. Van die bekendstes was Karel Theron van Pretoria, Doors Erasmus, 'n broer van Hendrik Erasmus, Ernst Annandale en Hendrik van Cittert van Bloemfontein. Hans van Rensburg het bevestig dat van die meeste jongmans wat hulle by Leibbrandt gevoeg het, uit Stormjaergeledere gekom het. Hendrik Erasmus, die toegewyde Stormjaer, het later ook by die Leib-brandt-groep aangesluit en van sy O.B.-lidmaatskap afstand ge-doen. Volgens Van Rensburg het Erasmus die O.B. verlaat, „for thïs more violent and dynamic type. I do not blame him; hè was young and idealistic. He was not the only man whom we lost to Robey Leibbrandt."

In Bloemfontein het Robey Leibbrandt sy bekende bloed-eed op-gestel wat in der waarheid die geloofsbelydenis van die *Nasio-naal-sosialistiese Rebelle* geword het. Die radikale gedagtes van Leibbrandt blyk duidelik uit hierdie geloofsbelydenis: „My strewe en stryd is om die vryheid en onafhanklikheid van die Afrikanervolk in Suid-Afrika en die opbou van 'n Nasionaal-sosi-alistiese staat met die idee van Adolf Hitler as grondslag, aan te pas by die karakter van die Afrikanervolk.

Ek erken dat alleen 'n volk wat veg om sy reg, die reg het om te le-we en dat die *DAAD* in die vorm van bloed en opoffering die ware wil en karakter van 'n volk sowel as van die mens as kenmerk dra. In hierdie sin en gees verklaar ek my bereid om vir my volk te ly en, indien nodig, te sterwe.

Ek tree op voor *GOD* en sweer hierdie heilige eed dat ek, as Afrikaner, my volk en vaderland met geheel my hart, siel, liggaam, gees en verstand getrou sal dien in die rigting wat my aangegee word deur die leier van die Nasionaal-sosialistiese Rebelle in die persoon van Robey Leibbrandt en niemand anders nie, van nou af tot in die *DOOD.*
Onder die parool: 'n stryder kan sterwe maar 'n verraaier *MOET* sterwe, sal ek altyd en onder alle omstandighede handel en enige en elke bevel gehoorsaam en ten volle uitvoer. Elke en iedere geheim sal ek met my lewe bewaak en bewaar. Die diepte en erns waarmee ek my tot 'n Nasionaal-sosialistiese Rebel verklaar, vind uitdrukking in die *BLOED* waarmee ek my persoon deur middel van my handtekening vir ewig bind. Ek is *NIKS,* my *VOLK* is *ALLES!* God met ons! Die Vierkleur Hoog!"

In Bloemfontein het Leibbrandt by verskillende geleenthede toe-sprake gelewer om lede vir sy beweging te werf. Die grondtoon van al sy toesprake het impliseer dat hy op soek was na die „kern van die Afrikanervolk" en dat hy geen groot aanhang wil werf nie. Sy verduideliking hieromtrent was dat die slaankrag van 'n militêr-georiënteerde organisasie nie in getalsterkte berus nie, maar wel in die gees waarmee die lede besiel is. Robey het telkemale bely dat sy optrede gefundeer was in die geloof dat die idee van Adolf Hit-ler oor die ideologie van die Jood, Karl Marx, sou seëvier en by só 'n oorwinning kon daar, ooreenkomstig Nasionaal-sosialistiese beskouing, net één oordeelsformule op die Afrikanervolk van toepassing wees, en dit is dat alleen 'n volk wat veg om sy reg, die reg het om te lewe en dat daar op hierdie aardbol geen plek vir lafhartige volke is nie.

Binne die O.B.-geledere het die gedagte geleidelik momentum ge-kry dat Leibbrandt se invloed en in 'n sekere mate die afrokkeling van Stormjaers, alhoewel gering in getal, nie langer negeer kon word nie. Die Kommandant-generaal van die O,B,, dr. Hans van Rensburg, het aan Leibbrandt laat weet dat hy hom te woord sou staan. Die ontmoeting het om negeuur in die aand tussen Pretoria en Silverton by 'n ou kareeboom plaasgevind. By die vergaderplek het Robey saam met dr. Hans van Rensburg en sy adjudant, Heimer Anderson, in 'n motor geklim. Anderson was destyds saam met Leibbrandt 'n leerling aan Grey-Kollege in Bloemfontein en dit was sy taak om eers seker te maak dat die persoon wat die K.G. sou ontmoet, wel Leibbrandt was. Gewapende O.B. manne het om

die motor wag gehou terwyl die samesprekings voortgeduur het.

Op 'n vraag van die K.G. of Adolf Hitler 'n boodskap aan hom gestuur het, het Leibbrandt hom glo vervies en die volgende leuen vertel: „Ja, die boodskap hou egter 'n belofte in. Indien die O.B. optree as 'n Nasionaal-sosialistiese beweging, sal die Duitse radio-omroep Zeesen vir die Ossewabrandwag propaganda maak." Leibbrandt het in sy herinneringe bygevoeg dat Hitler heeltemal anders oor die O.B. gedink het as dit wat later deur Zeesen uitgesaai is. Op welke gronde hierdie beweringe van Leibbrandt berus het, is nie duidelik nie, want hiervolgens was hy alreeds in Duitsland ge-waarsku teen alle „bluf organisasies in Suid-Afrika wat in Duitsland as papbroekige grootdoenery bestempel is." Uit hierdie eerste ontmoeting met die K.G. van die Ossewabrandwag het daar niks voortgevloei nie. Dr. Van Rensburg het sy indruk van Leibbrandt tydens die ontmoeting soos volg omskryf: „A fervent Nazi hè had come 6 000 miles at great peril to show his people the new path. All in all, a formidable figure. I found him curt and brimful of selfconfidence, impervious and not inclined to accept any views but his own. To me hè hardly seemed able to form a picture of the South African scène at that time; possibly because hè had since his landing, spent all his time in a sort of, closed shop', the O.B. and S.J.'s, Persumably hè thought. that the whole of South Africa was peopled by such men, which - unfortunately -was very wide off the mark."

'n Tweede en derde ontmoeting tussen Robey Leibbrandt en dr. Van Rensburg het niks daartoe bygedra om onderlinge samewer-king tussen die twee persone in die hand te werk nie. Die verdeeldheid het groter blyk te wees, want soos in Van Rensburg se woorde hierbo aangehaal, het Leibbrandt gemeen dat alle lede van die O.B. met dieselfde drif, passie en ideale besiel was as wat die geval met sy Nasionaal-sosialistiese Rebelle was. Enigiemand wat ge-volglik nie hierdie weg wou bewandel nie, is as potensiële vyande beskou.

Die getalsterkte van Leibbrandt se beweging het vinnig gegroei. Die waaghalsige Karl Theron, wat vir die dinamietdiefstal by Ys-kor verantwoordelik was, het die leierskap van die beweging in Transvaal op sy skouers geneem. Hendrik Erasmus het as sy adjudant opgetree.

By herhaalde geleenthede het Leibbrandt en sy groepie manne ge-poog om met behulp van die radiosender kontak met Duitsland te maak, maar dié pogings het herhaaldelik misluk. Leibbrandt was

egter vasbeslote om konsul-generaal Karlowa te laat weet dat die O.B. nie 'n geskikte organisasie was waardeur hy en sy manne hul doelstellings kon verwesenlik nie en dat hulle ook 'n wantroue in die leier van die O.B. het. Robey het daarin geslaag om 'n telegra-fis, Stadier, wat in diens van die poskantoor was, te oorreed om weer eens 'n poging aan te wend om radiokontak met Duitsland te maak. Die uitsending sou vanaf die plaas, *Ontmoet,* van die boer Andries van der Walt, in die Soutpansberge geskied. Na herhaalde probeerslae, moes hulle egter onverrigter sake die aftog blaas. Dit was die laaste keer dat Leibbrandt probeer het om op dié wyse met Duitsland in verbinding te tree.

Robey en sy groep Nasionaal-sosialistiese Rebelle se ondermynen-de bedrywighede het nie ongesiens en ongehoord verbygegaan nie, en weldra het die Suid-Afrikaanse Polisie snuf in die neus gekry. Die dag na hul mislukte poging om met Duitsland radiokontak te maak, het die seun van die plaasboer by wie hulle oornag het, Leibbrandt gewaarsku dat die polisie warm op hul spoor is. Een van die Bantoes wat hulle die vorige dag gehelp het om die swaar radiobatterye te vervoer, het aan 'n polisiekonstabel laat glip van die vreemde bedrywighede wat op *Ontmoet* aan die gang was. Leibbrandt en Karl Theron was die enigste twee van die groep wat hul intussen nog op die plaas bevind het, want die twee Stadier-broers en Hendrik Erasmus het reeds na Johannesburg teruggekeer. Leibbrandt en Theron, albei goed bewapen, het ongeag die waar-skuwing tog nie die wyk geneem nie en hulself in die Soutpansberge verskuil gehou. Dit was egter nie hul doel om 'n openlike botsing met die polisie uit te lok of bloedvergieting te veroorsaak nie, maar hier was nou vir Leibbrandt die eerste geleentheid om die polisie 'n bietjie die skrik op die lyf te jaag en sy eie waaghalsig-heid verder te beproef. Twee blanke konstabels het wel hul opwag-ting op die plaas gemaak ten einde ondersoek in te stel. Hoewel hul geen opdrag gehad het om Leibbrandt te arresteer nie, het hulle hom tog beveel om hul vrywillig na die polisiestasie te vergesel, iets wat Leibbrandt natuurlik summier geweier het. Die woordewisseling wat hierna gevolg het, het tot niks gelei nie en die polisie het onverrigter sake teruggekeer. Speurderkonstabel Beetge van Pietersburg het egter 'n geruime tyd daarna verklaar dat hy deeglik daarvan bewus was dat indien hul by dié geleentheid geweld sou gebruik om Leibbrandt te arresteer, dit onvermydelik op 'n skiete-ry sou uitloop, en om bloedvergieting te vermy, het hulle Leib-brandt skotvry gelaat. Leibbrandt het na die voorval vir 'n geruime tyd in die Sout-

pas," die briefie aan hoofkonstabel De Koek oorhandig.* Die polisie het later dieselfde nag met aansienlike versterkings weer eens by ds. Joyce se pastorie opgedaag. Dié keer was hulle egter vasbeslote om Leibbrandt lewendig of dood in hegtenis te neem. Leibbrandt het egter reeds die terrein verlaat en hom elders skuilgehou.

Robey se manne het intussen reëlings getref dat hy die nag van 10 Oktober na 'n plaashuis van mev. Erna Eggert wat in die Magaliesberge gelee was, vervoer sou word. Die betrokke aand is hy deur Tollie Snyman, 'n jong magistraatsklerk wat op Brits werksaam was, na mev. Eggert geneem. Terwyl hy vir 'n wyle hier skuilgehou het, het hy voortdurend van goedgesindes mms oor die belangrikste verwikkelinge ontvang. Dit is onder andere aan hom vertel dat die polisie daarin geslaag het om die versteekte radiosender in die Soutpansberge op te spoor en dat van Leibbrandt se manne, naamlik die twee Van der Walt-broers, Andries en Prikkie, as gevolg van die opsporing van die sender na die Ganspankamp vir internering gestuur is. Laasgenoemde twee broers was medepligtig toe Leibbrandt vir 'n laaste keer probeer het om met Duitsland radiokontak te maak. Andries van der Walt het egter enkele weke later uit die interneringskamp ontsnap.

Gerugte het intussen die ronde gedoen dat van die boonste leier-hiërargie van die O.B. die bevel gegee het dat Leibbrandt so gou as moontlik aan die polisie uitgelewer moes word. Tydens die hoog-verraadsaak in Junie 1942, ongeveer ses maande na Leibbrandt se arrestasie, het Jan van Riebeeck Ketz, 'n gewese O.B.-Rap-portryer van adv. J. D. Jerling, Assistent Kommandant-generaal van die O.B. in Transvaal, getuig dat dr. J. F. J. van Rensburg bevel uitgereik het waarvolgens Leibbrandt aan die polisie uitgelewer moes word. Ketz het getuig dat adv. Jerling die bevel aan hom gegee het en dat hy geweet het dat die bevel van dr. Van Rensburg afkomstig was. Hierdie getuienis is aan die einde van die

*Robey Leibbrandt se verteltrant oor sy wedervaringe en botsings met die polisie, het selfs nog kort voor sy dood in die laat sestigerjare 'n hewige polemiek in 'n Suid-Afrikaanse Sondagblad uitgelok. Daar is veral beswaar aangeteken teen Leibbrandt se verbitterde weergawe van die destydse polisie deur hulle in so 'n slegte lig aan die publiek voor te hou. Robey se verweer teen die aantygings het impliseer dat hy geen wrok of haat teen die polisiemag koester nie. Dit was ook nie sy doel om die Suid-Afrikaanse Polisie te verkleineer nie, want hy was self 'n geregsdienaar, iets waarop hy altyd trots was. Sy vertellinge wat hy op skrif gestel het, is later ook deur getuienisse in die hof gestaaf.

oorlog deur adv. Harry Lawrence, destydse Minister van Justisie, bevestig, toe hy in die Volksraad verklaar het dat dit die O.B. was wat die inligting aan die Smuts-regering verstrek het dat 'n Nazispioen, by name Robey Leibbrandt, Suid-Afrika gedurende 1941 op 'n onwettige wyse en met sabotasie-opdragte binnegekom het. Adv. Lawrence het egter toe geweier om die identiteit van die O.B.-lid te noem wat die inligting aan die Smuts-regering verstrek het. In 'n bylae tot die *Sunday Times* het adv. Harry Lawrence twee en dertig jaar later op l April 1973 bekend gemaak dat dit niemand anders as die Assistent-Kommandant-generaal van die O.B. in Transvaal, adv. J. D. (Pat) Jerling was wat hierdie inligting persoonlik aan hom meegedeel het nie. Adv. Lawrence, wat toe in die afwesigheid van generaal J. C. Smuts ook verant-woordelik was vir die handhawing van binnelandse veiligheid, het onmiddellik nadat hy dié nuus van adv. Jerling verneem het, met die Kommissaris van Polisie, kolonel Baston, in verbinding getree.
Hierdie verklaring van Lawrence bevestig 'n beëdigde verklaring van Johannes van der Walt wat deur dr. D. F. Malan op 2 Februarie 1942 in die Volksraad voorgelees is. In hierdie verklaring wat onder eed gedoen is, het Johannes van der Walt ernstige aantygings teen adv. J. D. Jerling en dr. J. F. J. (Hans) van Rensburg gemaak.* Hierin het Van der Walt onder andere verklaar dat hy teenwoordig was toe advokaat Jerling in November 1941 aan 'n ondergeskikte persoon die bevel gegee het om toe te sien dat Robey Leibbrandt aan die polisie uitgelewer word en sodoende sy teenwoordigheid in Suid-Afrika aan die regering te verraai. Johannes van der Walt het verder te kenne gegee dat daar van die hoofleiding van die O.B. sterk druk op adv. Jerling uit-geoefen is om die genoemde bevel deur te voer. Onmiddellik na die openbaarmaking van Johannes van der Walt se verklaring, het dr. Hans van Rensburg 'n hof van ondersoek gelas wat die hele aangeleentheid moes uitpluis. Die hof van ondersoek wat onder die voorsitterskap van oud-regter C. L. Botha, die voormalige regter-president van die Vrystaat, gestaan het, het bevind dat die egtheid van die beëdigde verklaring van Van der Walt nie bewys kon word nie en dat die aantygings daarin vervat, vals is. F. J. van Heerden beklemtoon in sy werk, *Nasionaal-Sosialisme*

*'n Facsimilé van die beëdigde verklaring is in die J. D. Jerling-versameling wat by INEG bewaar word.Dr.D.F.Malan se bekendmaking hiervan kan in die Volksraadsdebatte, deel 43, kolomme 1327 - 30 nageslaan word.

*as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, J933-1948,* dat uit die talie teenstrydige verklarings, alhoewel almal onder eed afgelê, dit nie moontlik is om agter die volle waarheid te kom nie, maar dat dit tog betekenisvol is dat Van der Walt, ten spyte van herhaalde vertoë, nooit wou of kon bely dat sy verklaring vals was nie. In 'n persoonlike onderhoud wat F. J. van Heerden met M. S. F. Grobler, huidige L.V. vir Marico en 'n voormalige O.B.-generaal in Transvaal gehad het, het Jaasgenoemde te kenne gegee dat die O.B. daarvan oortuig was dat Robey Leibbrandt se bedrywighede tot 'n grootskaalse bloedvergieting sou lei en dat Robey die O.B. nie goedgesind was nie. Die O.B. wou juis verhoed het dat Leibbrandt deur sy voorgenome sabotasiepogings 'n bloedbad veroorsaak en gevolglik het die Dagbestuur van die O.B. besluit dat Johannes van der Walt wat toe aan die hoof van die afdeling Liggaamlike Opvoeding van die O.B. gestaan het, gebruik moes word om Leibbrandt te kalmeer. In plaas dat Johannes van der Walt vir Robey Leibbrandt kalmeer het, het die teendeel gebeur. Leibbrandt se afkeer in die O.B. het ook vir Van der Walt beïnvloed en gevolglik het hy dié vyandige verklaring teen die O.B. gemaak.

Die Johannes van der Walt-verklaring was ongetwyfeld 'n insi-dent wat 'n bittere smaak in die geledere van die O.B. gelaat het, en selfs jare nadat die stryd beëindig *is,* is nog met 'n mate van wrewel na dié voorval verwys.

Hierdie feite verklaar in 'n groot mate die polisie se onmiddellike optrede en pogings om Leibbrandt so gou moontlik vir ondervraging in hegtenis te neem. Tereg sou dié soektog na Leibbrandt later as een van die grootstes in ons polisie-geskiedenis bekend staan.

Terwyl Robey Leibbrandt hom op die Duitse vrou se plaas in die Magaliesberg skuilgehou het, het hy die eerste van 'n reeks pam-flette geskryf wat hy aan die „Kamerade in die Suid-Afrikaanse Polisie" gerig het. Na voltooiing van die pamflet, is hy na Jo-hannesburg waar hy 'n tyd lank by 'n bejaarde Hollander, Vermey, tuisgegaan het. Laasgenoemde het egter alles van Leibbrandt se doen en late geweet en dit was deur sy toedoen dat hy 'n Duitse meisie, Marie Wilz, ontmoet het wat Robey gehelp het om 'n afrolmasjien in die hande te kry waarmee hy sy pamflette kon dupliseer. Leibbrandt het hierna 'n paar duisend van die pamflette afgerol wat later in die geheim oor groot dele van die land versprei is. Leibbrandt se uittarting van die owerhede het verder ge-strek as bloot die verspreiding van die pamflette, want die papier

wat hy daarvoor gebruik het, het ook die regering se watermerk gedra. In sy eerste pamflet wat tot die „Kamerade in die Suid-Afrikaanse Polisie" gerig is, het hy veral te velde getrek teen die Smuts-regime en dié se bondgenootskap met die „nihilistiese Mongool-Tartaarse Kommunistiese Rusland". Die Jodedom het hy, trouens sy hele lewe lank, as die vaders, skeppers, leiers en agitators van die moderne Kommunisme voorgehou. In die pamflette was sy aanvalle en kritiek op die persoon van die Kommandant-generaal van die O.B. venynig skerp. Hierdie eerste pamflet is in een nag oor groot dele van Transvaal en die Vrystaat versprei.

Nadat Leibbrandt se eerste pamflet op 2 Desember 1941 verskyn het, was die koerante vol wilde bespiegelinge. 'n Engelstalige dagblad, die *Sunday Express,* het selfs sy skryfstyl as dié vanAdolf Hitler onder die opskrif, „Robey Leibbrandt flattered by Hitler Comparison" aan die publiek voorgestel. Wat Leibbrandt in besonder in dié tye amuseer het, was die wyse waarop verskillende koerante en tydskrifte in die donker rondgetas het oor hom en sy groep rebelle se doen en late. Onder hoofopskrifte was daar in die dagbladpers die mees sensasionele stories aan die leserpubliek opgedis.*

Die nuus wat Robey tot in sy diepste menswees geskok het, was toe Marie Wilz een oggend aan hom vertel het dat een van sy ge-trouste kamerade, Hendrik Erasmus, die voormalige Stormjaer-offisier, naby Warmbad in die Transvaal deur die polisie dood-geskiet is. Ten tye van die Leibbrandt-verhoor het sersant F. A. Fourie getuig dat hy op 27 November 1941 na die plaas Buffelshoek in die distrik Waterberg gestuur is met 'n lasbrief vir die inhegte-nisneming van Karel Theron en Hendrik Erasmus. Laasgenoemde twee persone is verdink as die persoonlike lyfwagte van Leibbrandt, want Karel Theron is in Robey se teenwoordigheid gesien toe Leibbrandt die eerste keer met die polisie slaags geraak het. Die drie speurders het die betrokke dag ongeveer 'n myl van die

*Die volgende is 'n versameling van opskrifte uit enkele Johannesburgse dagblaaie wat in sy plakboek pryk en by die Instituut vir Eietydse Geskiedenis bewaar word: „Leibbrandt writes his own Mein Kampf; Leibbrandt warns Police to shoot straight or, I will rnow you down like barley; Great Police Search for S.A, Boxer; Leibbrandt still at Large; Polisie het Leibbrandt reeds tevore in hande gehad; Union wide search for Leibbrandt; Biggest Manhunt in S.A. History" ens.

plaasopstal stelling ingeneem en die huis met verkykers dopgehou. Dit was kort na sonop toe hulle gewaar het dat twee blanke mans die huis nader. Leibbrandt en sy kamerade het egter selde in 'n huis waar hulle skuilgehou het, geslaap. Dit was hul gewoonte om die nag buite die huis deur te bring as voorsorgmaatreël om nie onverhoeds betrap te word nie.

Dit was ongeveer elfuur die oggend toe die drie speurders, Fourie, Spengler en Liebenberg, die huis onder dekking van 'n plantasie nader. Elkeen van die speurders was met 'n .303 diensgeweer ge-wapen. Theron het die speurders die eerste gewaar en die huis ingevlug. Speurder Fourie het die bevel gegee dat hulle moes staan of daar sou geskiet word. Beide Theron en Erasmus het nie aan die waarskuwing gehoor gegee nie en op die vlug geslaan. Op die bevel van sersant Fourie het speurder Spengler geskiet en Hendrik Erasmus is dodelik in die kop gewond. Karel Theron het egter daarin geslaag om in die digte plantasie te ontsnap. Doors, Hendrik se broer, wat hierna op die toneel verskyn het, was histeries en het gesweer om wraak te neem. In die plaashuis het die polisie 'n aantal vuurwapens gevind, onder andere gelaaide pistole en twee .303-gewere. Onder kruisverhoor het speurder Fourie verklaar dat die klag in die lasbrief in verband met brand-stigting in die winkel van 'n Jood, Alfred Levy, gestaan het. Karel Theron het 'n brief aan Hendrik Erasmus se ouers, broers en susters geskryf wat tydens die verhoor as bewysstuk ingedien is. Dit het o.a. soos volg gelui: „Beste oom Jan, Mevrou, Doors en Jannie, Dit is vir my swaar om uitdrukking aan my gevoel vanmöre te gee. Vir my was hy as 'n broer en sy bloed wat om wraak roep, sal so seker gewreek word ... Tienduisendvoudig! . .. Sy bloed is nie nutteloos verspil nie. Nou sal u sien hoe daar geslaan word . . ." Hierdie brief was die laaste wat Theron ooit geskryf het, want kort daarna het hy self 'n gewelddadige dood gesterf. By Hendrik Erasmus se graf het 'n aandoenlike gebeurtenis hom afgespeel toe sy vader 'n bottel bloed op die kis uitgegooi het met die woorde: „Nog 'n boompie op die pad van Suid-Afrika." Die wraak wat Doors Erasmus met die dood van sy broer gesweer het, was geen ydele dreigement nie. Op 15 Desember 1941 het die berigte in die pers verskyn dat die hoofspoorlyn na Lou-renco Marques met 'n dinamietontploffing gesaboteer is. Die twee erg verminkte lyke wat op die toneel gevind is, was dié van Karel Theron en Doors Erasmus toe hulle probeer het om 'n troepetrein met ongeveer tweeduisend soldate naby Denneboomhalte,

digby Pretoria, op te blaas. In die binnebaadjiesak van Erasmus is die bloedbevlekte brief van Theron gevind wat laasgenoemde aan die Erasmus-familie geskryf het ten tye van Hendrik Erasmus se dood. Dit was egter foutiewe tydsberekening wat die lading dinamiet voor die beplande tyd laat ontplof het en beide Theron en Erasmus was dus vir hul eie dood verantwoordelik. Ten tye van die Leibbrandt-verhoor het sersant I. J. van Heerden op 'n vraag van advokaat C. P. Bresier verklaar dat dit heel moontlik is dat die poging om die treinspoor te saboteer 'n wraakmaatreël was, en nie die voorbedagte plan van 'n organisasie nie. Leibbrandt het hom daarop beroep dat hy nie van Theron en Erasmus se planne bewus was om die betrokke nag die spoorlyn op te blaas nie. Robey het laat blyk dat daar op dié stadium 'n vervreemding tussen hom en Theron en Erasmus plaasgevind het, en hy noem dat beide die Erasmus-broers baie sterk onder die invloed van Karel Theron was, wat hom nie met Leibbrandt se idee kon versoen het dat daar getalm moes word totdat die regte sielkundige oomblik aangebreek het, en om dan toe te slaan nie. Volgens Leibbrandt het die vurige en heethoofdige Theron wel geweet dat die publiek deur middel van die pers vroegtydig ge-waarsku sou word om nie van spoorvervoer gebruik te maak wanneer die verbindingslinies na die Noorde op groot skaal ge-saboteer sou word nie. Vir hierdie doel het die Leibbrandt-groep oor genoeg tydbomme beskik om die vervoer en verbindingslinies na Noord-Afrika vir 'n tyd lank ernstig te ontwrig. Leibbrandt en sy groep was derhalwe gevaarlike mense en die erns van die pogings om Leibbrandt te elimineer blyk duidelik uit getuienis tydens die Leibbrandt-hoogverraadsaak. Tydens Leibbrandt se arrestasie is daar van 50 man, traangasbomme en 'n pantsermotor gebruik gemaak.

Dit was enkele dae na die dood van drie van sy kamerade dat Leibbrandt in Desember 1941 Suid-Afrika se wonderstoeier, Johannes van der Walt, in Johannesburg ontmoet het. Leibbrandt vertel dat hierdie ontmoeting hom teruggevoer het na 'n hawestad in Engeland waar hy Johannes van der Walt in Desember 1938 laas gesien het. Hier het Robey van 'n bejaarde Duitse vrou verneem hoe trots Van der Walt daarop was om 'n Boer genoem te word en hierdie trots het hy tot sy sterwensuur behou. In die lang en ernstige gesprek wat nou tussen die twee manne plaasgevind het, het Van der Walt sy besorgdheid oor die lot van die Afrikanervolk as geheel en die Ossewabrandwag in besonder, te kenne gegee. Johannes het ook sy misnoeë en ontevredenheid

oor die beleid van die O.B. laat blyk en dit het so reg in Robey se kraam gepas. Leibbrandt het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om Van der Walt se ontevredenheid verder aan te blaas totdat laasgenoemde, hoewel toe 'n generaal in die O.B., homself bereid verklaar het om by die Nasionaal-sosialistiese Rebelle aan te sluit.

Kort nadat Johannes van der Walt by Leibbrandt se Rebelle-groep aangesluit het, is hy deur die polisie gearresteer op aanklag dat hy in die besit van 'n ongelisensieerde pistool was. Op 'n waaghalsige wyse het hy vyf dae na sy inhegtenisneming met die hulp van 'n goedgesinde polisieman uit die selle by Marshallplein ontsnap. Groot was Leibbrandt se verbasing toe Van der Walt later by hom opdaag, en om Johannes minder opsigtelik te maak, want hy was oor die algemeen 'n bekende by die publiek, is sy weelderige bos baard daar en dan afgeskeer. Grappenderwys en vir die aardigheid is die oorblyfsels van die baard in 'n koevert toegeplak. Die polisie het later dié baard in Leibbrandt se kamer gevind en in die hof is beweer dat Robey moontlik die baard vir vermonimingsdoeleindes gebruik het. 'n Hegte en intieme vriend-skapsband het in hierdie tyd tussen Johannes en Robey ontwikkel. Leibbrandt het vertel dat terwyl hy verhoorafwagtend in die tronk in Pretoria was, hy een besondere nag net nie aan die slaap kon raak nie en die hele dag daarna het 'n onrustige gevoel hom voortdurend bly lastig val. Dit was egter eers die aand toe die nagwag, 'n goeie vriend van hom, aan hom die skokkende nuus vertel het dat sy boesemvriend, Johannes van der Walt, deur die polisie ernstig verwond is. In *Die Transvaler* van 24 Februarie 1942 het die volledige verhaal oor Johannes van der Walt se inhegtenisneming verskyn, wat toe swaar verwond met 'n koeël in sy rug en verlam in die onderlyf in die Algemene Hospitaal in Johannesburg gelê het.

Enkele maande nadat Van der Walt op 22 Desember 1941 uit die selle by Marshallplein ontsnap het, het die polisie die berig ontvang dat hy hom op 'n plaas, *Elandsvlei,* in die distrik Krugers-dorp, skuilgehou het. Die nag van 23 Februarie het 'n afdeling manskappe onder bevel van kapt. A. E. Talken die plaashuis waarin die niksvermoedende Van der Walt geslaap het, omsingel. Vroeg die volgende oggend het Johannes egter onraad gemerk en toe hy die polisiemanne gewaar, het hy deur 'n kamervenster probeer ontsnap. In die harwar wat daarna ontstaan het, is hy dodelik van agter in die rug gewond. Magteloos en verlam het hy op die grond neergeval en is toe in hegtenis geneem. Aanvanklik

is hy geboei, maar toe dit blyk hoe ernstig hy verwond is, is die boeie onmiddellik verwyder.

In die hospitaal het Van der Walt aan sy ouers vertel dat hy wel 'n gelaaide pistool in sy hesit gehad het, maar om bloedvergieting te voorkom, het hy besluit om eerder te probeer ontsnap. Mosies van medelye en simpatie is in duisendtalle na die Algemene Hospitaal gestuur, want hoe verkeerd sy optrede ook al was, was Johannes van der Walt die liefling in die Suid-Afrikaanse stoeikryt en dié nuus het vriend sowel as vyand oor heel Suid-Afrika diep geskok.

Die dag na die skietery het dr. D. F. Malan, Opposisieleier en Leier van die Herenigde Nasionale Party, 'n voorstel in die Volksraad ingedien dat die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, 'n geregte-like ondersoek instel na die Van der Walt-geval weens die teen-strydige en botsende verklaringe van die betrokke polisiemanne en die in-die-rug-skiet-episode. Die voorstel tot 'n ondersoekkom-missie is egter nie toegestaan nie, hoewel dit 'n heftige bespreking in die Volksraad uitgelok het. Nietemin het dr. Malan die vol-gende telegram aan Johannes se eggenote gestuur: „Die noodlottige skoot op u man het die hart van elke ware Afrikaner getref. Ons eis 'n onpartydige en grondige ondersoek. Sy opregte harts-togtelike volksliefde sal onvergeetlik bly. Ons bid u krag en vertroosting toe. Dr. Malan en Herenigde Nasionale Party-Volks-raadslede."

Na dertien maande van bittere lyding is Johannes van der Walt op 25 Maart 1943 stil oorlede. Die nuus van dié Afrikaner-sportreus se dood het soos 'n veldbrand regdeur die land versprei. Afrikaners het in hul tienduisendtalle die begrafnisdiens bygewoon wat vanuit die Geref. Kerk in Melville plaasgevind het. Prof. dr. J. C. van Rooy van Potchefstroom het die begrafnisrede gevoer. Die kis is deur 'n Voortrekkerwa, die *Louis Trichardt,* gedra wat in 1938 aan die Simboliese Ossewa-trek deelgeneem het. Roerende tonele het hul by die graf afgespeel en in die drif van die oomblik was daar in menigte harte 'n wraakgevoel teenoor diegene wat vir Johannes van der Walt se dood verantwoordelik was. Die grootsheid en vergewensgesindheid van Johannes het in die maande van sy lyding al hoe sterker na vore getree waar hy her-haaldelik te kenne gegee het dat hy die persoon vergewe wat hom gebring het waar hy was, en nooit 'n wrok teen hom ge-koester het nie: „As julle ooit die man ontmoet wat dit gedoen het, moet julle hom die versekering gee dat ek hom vergewe het." Selde of ooit sal Suid-Afrika weer so 'n aandoenlike begrafnis

belewe, want 'n sameloop van omstandighede het bepaal dat 'n Afrikaner-sportheld op so 'n wyse neergevel moes word en die gemoedere wat deur die voorval ontketen is, moet in die lig van die tydsomstandighede beoordeel word. Met die afsterwe van dié strydmakker was Robey Leibbrandt reeds in die dodesel en kon hy slegs 'n brief van innige deelneming aan Johannes se naasbe-staandes skryf.

# *Leibbrandt gevange geneem*

In die warboel van die oorlogsomstandighede waarin die Smuts-regering reeds sy hande vol gehad het om binnelandse vrede en orde te handhaaf teen diegene wat sy oorlogsbeleid nie goedge-sind was nie, is intussen sorgvuldige planne gesmee om Leibbrandt veilig agter slot en grendel te kry. Kort na Robey se ontmoeting met Johannes van der Walt is hy en laasgenoemde na die plaas van mev. Erna Eggert. Laasgenoemde was 'n vertroueling van Leibbrandt by wie hy self 'n tyd lank geskuil het. Die doel van die besoek was om nadere kennis te maak met 'n sekere kaptein Taillard wat ook in daardie omgewing geboer het. Hierdie kennismaking het op aanbeveling van Erna Eggert ge-skied, want volgens haar was Taillard 'n gedugte vyand van generaal Smuts se oorlogsbeleid en is hy gedwing om as gevolg van hierdie sienswyse van hom uit die polisiediens te bedank. Leibbrandt vertel dat in sy eerste ontmoeting met Taillard laasgenoemde baie vriendelik en openhartig was. In 'n poging om Leibbrandt se vertroue te wen, het Taillard inligting oor dr. Hans van Rens-burg en ander sake van vertroulike aard aan Robey verstrek. Robey het lank daarna bekend gemaak dat indien hy geweet het dat Taillard en wyle Louis Esselen sulke groot vriende was, hy Taillard vanselfsprekend later nooit sou vertrou het nie, want Louis Esselen was in menigte opsigte die regterhand van generaal Smuts, Leibbrandt se grootste vyand.

Na hierdie kennismaking het beide Leibbrandt en Van der Walt na Johannesburg teruggekeer. Johannes van der Walt sou kort hierna deur die polisie gearresteer word. Leibbrandt het te kenne gegee dat binne O.B.-geledere 'n verraaier geskuil het wat mede-Afrikaners op 'n subtiele manier aan die Smuts-regering oorgelewer het. Hierdie gedagte is later bevestig toe dr. Malan in die Volks-raad 'n beëdigde verklaring van Johannes van der Walt voorgelees het waarin laasgenoemde verklaar het dat hy wel deeglik daarvan bewus was dat dit adv. Jerling was wat Leibbrandt verraai het en ook op 'n indirekte manier vir sy eie inhegtenisname verant-woordelik was. 'n Dag voor Kersfees, 24 Desember 1941, het Leibbrandt onver-

wags 'n brief van mev. Erna Eggert ontvang. Daarin is hom mee-gedeel dat sy en kaptein Taillard, alias mnr. Black, hom dié dag sou kom haal om 'n hooggeplaaste persoon digby Pretoria te gaan spreek wat dit moontlik sou kon bewimpel dat die Ossewabrand-wag van hul leier, dr. Hans van Rensburg, ontslae kon raak. In hierdie brief het mev. Eggert weer eens haar vertroue in Taillard uitgespreek en Robey die waarborg gegee dat Taillard 'n eerlike en opregte mens was en dat sy twyfel en wantroue in Taillard ongegrond en sonder rede was.

Die ontmoeting tussen Leibbrandt, mev. Eggert en Taillard het volgens plan geskied. Taillard het aangebied dat Leibbrandt sy motor kon gebruik om die afspraak met 'n groep lede van die Ossewabrandwag na te kom. Ten einde laaste het Leibbrandt ingewillig om van die aanbod gebruik te maak en saam te gaan. Taillard het Robey verseker dat hy alle voorsorgmaatreëls getref het om die polisie om die bos te lei, indien hulle voorgekeer sou word. Nie alleen vals nommerplate nie, maar ook ballonne is aan die motor vasgemaak om vir die skyn aan die vrolike stemming van Ou-Kersaand uiting te gee. Hulle was skaars 'n honderd tree van die huis weg, toe Robey opgemerk het dat die toutjies waarmee die ballonne voor aan die motor vasgemaak was, te lank was en maklik kon breek. Taillard het op sy bevel stilgehou en Leibbrandt het die ballonne korter vasgemaak, min wetende dat die ballonne juis sy teenwoordigheid in die motor sou verraai. Leibbrandt het ongerus gevoel en Taillard, wat die motor bestuur het, het gaandeweg al hoe swygsamer geword. Op 'n vraag van Leibbrandt waarom hy skielik so swygsaam is, het Taillard geantwoord: „Nee wat, dis sommer niks." Hoewel Robey dit daar-by gelaat het, kon hy nie daarin slaag om die gevoel van hom af te skud dat daar wel iets buitengewoon met die eertydse polisie-offisier verkeerd was. Sy skielike swygsaamheid het Leibbrandt bly hinder, maar soos hy self later getuig het, het hy geen rede gehad om Taillard te wantrou nie, want daarvoor het hy te veel vertroue in die vriende van Erna Eggert gehad. Uit die mag van gewoonte het Robey in dergelike situasies ge-woonlik sy pistool op sy skoot gereed gehou, maar die betrokke aand het hy dit in sy broek se agtersak gedra. Toe hulle die hoogte-tjie voor die brug oor Sesmylspruit by Pretoria bereik, het Taillard stilgehou om die motor wat al geruime tyd agter hulle gery het, toe te laat om verby te steek. Na 'n rukkie van talm het Taillard stadig verder gery. Hoe nader hulle aan die brug gekom het, hoe stadiger het Taillard gery. Eensklaps het hulle in die ligte

van hul motor 'n aantal motors oorkant die bruggie gesien staan. Op Leibbrandt se vraag waarom daar so baie motors was, het Taillard beduie dat daar seker 'n ongeluk plaasgevind het. Leibbrandt het Taillard beveel om nie stil te hou nie, maar stadig oor die bruggie te ry sonder om verdag voor te kom. Net toe Taillard se motor oor die brug was, het 'n motor plotseling van die regter-kant van die pad skuins voor hulle ingetrek sodat Taillard nood-gedwonge moes stop.

Alles het hierna blitsvinnig en onverwags gebeur. Donker gestaltes wat hul langs die pad skuilgehou het, het die motor waarin Leib-brandt-hulle was, omsingel. Die deure van die motor is oopgepluk en drie manne het Leibbrandt beetgepak en 'n stewige wurggreep om sy nek geplaas. Aan kragwoorde het dit nie ontbreek nie en binne enkele sekondes is 'n paar handboeie om Leibbrandt se ge-wrïgte geslaan en was hy magteloos. Taillard self is sonder enige ontsag uit die motor gepluk en met 'n knuppel oor die kop buite werking gestel. In die donker het die polisie gereken dat Leibbrandt agter die stuur van die motor was en dit verklaar waarom Taillard so hardhandig behandel is. Nou het hy half bewusteloos en uitge-strek op die grond gele terwyl bloed uit 'n wond aan sy kop gesypel het. Die hou met die knuppel was vir Leibbrandt bedoel. Leibbrandt het ongeag die opwinding waarmee alles so vinnig en onverwags plaasgevind het, van woede gebewe. Vir hom was die vernedering net te groot om op so 'n wyse uitoorlê en lewendig oor-rompel te word. Die omgewing het volgens Leibbrandt van polisie gewemel, Hy het later verduidelik dat dit vir die oningeligte persoon oordrewe mag klink dat soveel manne gebruik word om een persoon te oorrompel, maar wie van die organisatoriese deeglik-heid van die S.A. Polisie kennis dra, sal weet dat hierdie getalle geensins oordrewe is nie. Hy het ook te kenne gegee dat, indien hy daarin kon slaag om sy pistool in die hande te kry, hy nie sou hui-wer om te skiet nie, „en sou ek dan die aand gesterwe het soos ek graag wou".

Leibbrandt was in vele opsigte 'n moeilike en gevaarlike kalant en uit hierdie optrede van die polisie blyk dit duidelik dat hulle hom nie weer 'n kans wou gun om hom uit die voete te maak nie. Twee fris en forsgeboude polisiemanne, waarvan Louis Strachan die voormalige Springbokrugbyspeler een was, het weerskante van Leibbrandt ingehaak en hom half gesleep-dra na 'n troepedraer wat intussen gereed gestaan het. In sy magteloosheid het Leibbrandt nie lus gehad om te gis oor hoe die polisie geweet het dat hy op pad na Pretoria was met 'n motor waaraan 'n aantal ballonne

vrolik gewapper het nie. Eers toe hy in die troepedraer gesit het, het hy tot verhaal gekom, maar sy weerbarstige vrae aan die poli-siemanne wat saam met hom was, het geen reaksie uitgelok nie. Nog steeds ingehaak deur Strachan en 'n mede-geregsdienaar, is hy met sy aankoms by die Suid-Afrikaanse Polisie Hoofkantoor na kolonel Bill Coetzee se kantoor vir ondervraging geneem. Toe Leibbrandt by die kantoordeur inkom en die speurder gewaar het wat Hendrik Erasmus naby Warm bad doodgeskiet het, het hy hom met bykans bomenslike krag van die twee manne wat hom vasge-hou het, losgeruk en soos 'n verwoede dier op sersant Spenghler afgestorm. Met sy geboeide hande bo sy regterskouer het hy met alle geweld na die speurdersersant geslaan. Dit het die speurder egter geluk om net betyds die volle geweld van die hou te ontduik, maar die skramshou het hom nietemin tot in die hoek van die vertrek laat struikel. Gou was die ander speurders by en het hulle Leibbrandt met geweld op 'n stoel vasgedruk. Kolonel Baston, destydse Kommissaris van Polisie, het hierna, vergesel van Taillard en mev. Eggert, die vertrek binnegekom. Taillard het bedremmeld daar uitgesien as gevolg van die hou wat hy oor die kop gekry het. Later het dit tot Leibbrandt deurgedring dat Taillard se voorstel dat hy die motor moes bestuur, bedoel was om Leibbrandt in so 'n mate aan bande te lê dat hy nie sy pistool kon gebruik nie. Geen vrae is aan Leibbrandt op hierdie stadium gestel nie en nadat alle persoonlike besittings uit sy sakke verwyder is, is hy onder sterk geleide na die polisieselle geneem. Voor die sel is 'n aantal gewapende wagte geplaas en Leibbrandt is steeds geboeid agter slot en grendel toegesluit. Die koerante het in op-spraakwekkende hoofberigte die nuus aangekondig dat Robey Leibbrandt gevange geneem is.

Leibbrandt is die volgende oggend toegelaat om onder deeglike bewaking in die klein agterplasie van die polisieselle vir oefening rond te stap. Taillard wat ook die vorige nag in 'n sel langs hom opgesluit was, is toegelaat om hom by Leibbrandt aan te sluit. Die gesprek wou maar nie vlot nie en Leibbrandt het duidelik sy afkeuring en misnoeë teenoor Taillard te kenne gegee. Dit was die laaste ontmoeting wat tussen die twee manne plaasgevind het. Op Kersdag is Robey onder sterk polisiegeleide na die tronk in Potgieterstraat geneem. Besondere voorsorgmaatreëls is getref aange-sien die polisie gereken het dat van Leibbrandt se manne moontlik 'n poging sou aanwend om hom te laat ontsnap. Nadat die groot tronkstaaldeure agter hulle gesluit was, is Leibbrandt uit die vang-wa gelaat. Daardie eerste nag in die tronk het die gebeure van die

afgelope dag en 'n half helder voor sy gees afgespeel en was daar vir hom nou geen twyfel meer oor wie vir sy uitlewering aan die polisie verantwoordelik was nie,

Leibbrandt se bedenkinge oor Taillard se aandeel in sy inhegtenis-name het nie op losse gronde berus nie. In 'n bylaag tot die *Sunday Times* van I April 1973 het kolonel Jan Taillard en adv. Harry Lawrence, destydse Minister van Binnelandse Sake, hul herinne-ringe oor hierdie gebeurtenis van 24 Desember 1941 op skrif gestel. Die gevangeneming van Robey Leibbrandt moet teruggevoer word na 'n aand in Oktober 1941 toe adv. Pat Jerling die huis van adv. H. Lawrence besoek het. Groot was adv. Lawrence se ver-basing toe hy sien dat sy besoeker niemand anders as 'n vername Ossewabrandwag-offisier was nie. Adv. Jerling het sonder omhaal van woorde die doel van sy besoek verduidelik en die storie wat hy aan adv. Lawrence vertel het, het vir laasgenoemde eerder na 'n fantasie geklink, maar die erns waarmee sy besoeker dit vertel het, het hom gaandeweg oortuig dat dit nie een of ander verdigsel was nie. Adv. Jerling het verduidelik dat 'n persoon met die naam van Robey Leibbrandt deur 'n Duitse duikboot aan die Suidweskus neergelaat is en dat die persoon hom elders in Noord-Transvaal skuilhou. Leibbrandt was goed gewapen en die eerste wat die O.B. van hom bewus geword het, was toe Leibbrandt probeer het om jong manne uit die O.B.-geledere vir sy beweging vir sabotasiedoel-eindes te werf. Adv. Jerling het na hierdie eerste brokkie inligting 'n volledige beskrywing van Leibbrandt se doen en late aan adv. Lawrence gegee. Voordat hy adv. Lawrence se huis verlaat het, het hy laasgenoemde versoek om vredesonthalwe nooit die besoek van hom rugbaar te maak nie.

Dit was 'n versoek waaraan adv. Lawrence voldoen het en eers twee en dertig jaar later is die feite en die identiteit van sy besoeker van dié besondere nag, bekend gemaak. Adv. Lawrence het onmid-dellik hierdie nuus aan die waarnemende Kommissaris van Polisie, kolonel Boston, bekend gemaak en daarna aan generaal Smuts die storie van adv. Jerling se besoek vertel. Agttien dae later het kol. Baston vir adv. Lawrence meegedeel dat die polisie met Leibbrandt kontak gemaak het, maar dat laasgenoemde ontsnap het. Dit was die eerste konkrete bewys wat die owerhede gehad het dat Leibbrandt wel in Suid-Afrika was, maar oor sy planne en doelstellinge het hulle nog totaal in die duisternis verkeer. Die Leibbrandt-geval het hierna die regering se veiligheidsmasjinerie in die hoogste versnelling geplaas veral toe die vermoede begin posvat het dat Leib-brandt moontük 'n aanslag op generaal Smuts se lewe kon waag.

Dit was in die tydsomstandighede heel moontlik, veral gesien in die lig van die feit dat hy met 'n Duitse duikboot hier neergelaat is.
Leibbrandt het, soos reeds bewys, telkens die polisie om die bos gelei. Adv. Lawrence het dit toegeskryf aan die feit dat so baie polisiemanne Leibbrandt in der waarheid goedgesind was en Leibbrandt selfs van eerstehandse inligting voorsien het. Langs ander wee moes daar dus 'n poging aangewend word om Leibbrandt so gou as moontlik te arresteer. Teen die einde van Oktober 1941 het Louis Esselen, voormalige hoofsekretaris van die Verenigde Party en 'n groot vertroueling van generaal Smuts, die voorstel aan adv. Lawrence gemaak dat hy van 'n afgetrede poli-sie-offisler weet wat net die man was om Leibbrandt se geledere binne te dring en laasgenoemde aan die polisie uit te lewer. Die persoon was niemand anders as Jan Taillard wat toe in die Brits-distrik geboer het. Hy was by uitstek vir die taak geskik; hy was 'n afgetrede polisie-offisier en sy boerderybedrywighede was 'n ge-rieflike dekmantel om Leibbrandt se vertroue te wen, By wyse van 'n goeddeurdagte plan en noukeurige speurwerk het Taillard sy net gespan totdat hy in Desember 1941 daarin geslaag het om met mev. Edelhard, skuilnaam vir mev. Eggert en vertroueling van Leibbrandt, kennis te maak. Beide adv. Lawrence en kol. Taillard beklemtoon die feit dat die bekendmaking van Leibbrandt se teenwoordigheid in Suid-Afrika deur dr. Hans van Rensburg en adv. Jerling nie as 'n daad van verraad beskou moet word nie, maar eerder as 'n voorsorgmaatreël van hulle kant, want hulle het in Leibbrandt se optrede om op groot skaal verbindingslinies te saboteer, 'n ernstige bedreiging vir onskuldige menselewens gesien. Adv. Lawrence het dit soos volg opgesom: „Van Rensburg was afraid that Leibbrandt would harm him seriously because hè did not advocate sabotage. It was because of this that hè sent his emis-sary, O.B. General Jerling, to see me in my home at Bryntirion to disclose the fact that Robey was in the country." Hierdie verduideliking klink heeltemal aanvaarbaar, maar om dit sonder meer as die enigste rede vir Leibbrandt se uitlewering te noem, is ook nie heeltemal korrek nie, want dit was geen geheim dat daar 'n ernstige persoonlike vete tussen Leibbrandt en die leier van die O.B. was nie. Die saak het ongetwyfeld 'n sterk politieke kleur gehad wat in vele opsigte ook 'n bepalende en deurslaggewende fak-tor was. Leibbrandt het in sy eerste ontmoeting met Taillard driftig verklaar dat die Afrikanervolk aan die Brits-Joodse juk oorge-lewer is, en dat die sogenaamde Afrikanerleiers niks wil opoffer om

hul volk van dié slawejuk te bevry nie. Die name van generaal Smuts, adv. O. Pirow, dr. D. F. Malan en dr. H. van Rensburg is in die verband genoem en Leibbrandt het gedreig dat hy self vir hul eliminering verantwoordelik sou wees.

Taillard het hierna in 'n geheime ontmoeting met adv. Lawrence daarop aangedring dat Leibbrandt sou gou moontlik oorrompel en gevange geneem moes word, aangesien hy inligting bekom het wat daarop dui dat Leibbrandt en sy rebellegroep 'n grootskaalse sabotasieveldtog van treinverbindings vir 20 Januarie 1942 beplan het. Hierdie ontstellende nuus van Taillard het die Veiligheidsaf-deling van die polisie nie langer laat talm nie, want intussen het hulle reeds oor genoeg name van kollegas in hul eie geledere beskik wat met Leibbrandt geskakel het of hom en sy saak anders goed-gesind was. Dit verklaar ook in 'n groot mate waarom 'n aantal geregsdienare na Leibbrandt se gevangeneming self aan die pen gery het. Dit was nie Leibbrandt wat hul name verklap het nie, maar inligting wat stelselmatig deur Taillard versamel is. So is dit dan beplan en afgespreek dat Taillard op Ou-Kersaand, 24 Desember 1941, vir Leibbrandt aan die polisie sou uitlewer. Taillard het geweet dat indien sake verkeerd loop en Leibbrandt sy dubbele rol voor die tyd ontmasker, sy lewe nie 'n sent werd sou wees nie. Om enige misverstand uit die weg te ruim, het Taillard die polisie vooraf in kennis gestel dat hy drie rooi ballonne aan die motor sou vasmaak wat uitkenning sou vergemaklik. Volgens Taillard was Leibbrandt die aand besonder goed bewapen en het hy twee rewolwers elk in 'n skouerskede gehad. Die motor waarin hulle gery het, was 'n groot Plymouth. Leibbrandt wou aanvanklik agter in die motor sit, maar Taillard het hom oorreed om voor tussen hom en mev. Edelhard (néé Eggert) plaas te neem. Hierdie plan van Taillard was met voorbedagte rade, want sodoende is Robey, 'n groot forsgeboude man, se beweeglikheid aan bande gele en hom sodoende nie ruimte gelaat om sy vuurwapens vinnig uit te pluk nie. Hierdie weldeurdagte plan van Taillard het sonder twyfel 'n bloedvergieting verhoed.

Ooreenkomstig Taillard se herinneringe was dit vooraf gereël dat sodra kolonel Baston die motor met die vervalste nommerplate en rooi ballonne in Louis Bothalaan opmerk, hy hulle sou verbygaan en die padblokkade by Wierda Brug in kennis sou stel. Min het Leibbrandt geweet dat die motor wat hulle daardie nag van agter verbygesteek het, dié van kolonels Baston en Coetzee was wat aan die hoof van „Operasie-Leibbrandt" gestaan het. Leibbrandt se relaas dat dit daardie nag van polisiemanne gewemel het, is geen-

sins oordrewe nie, want volgens Taillard was daar wel ongeveer 'n honderd en vyftig man. Taillard se vertellinge van dié nag se ge-beure, is basies soos Leibbrandt dit beskryf het, behalwe dat dit nie 'n knuppel was wat Taillard teen die kop getref het nie, maar wel die sesduimloop van 'n polisiediensrewolwer. Hy het daarna sestien steke vir die wond ontvang.

Taillard het na die episode stil van die toneel verdwyn en nooit teen Leibbrandt in die hof getuig nie. Die eerste keer wat dit aan die publiek bekend gemaak is dat Taillard 'n geheime polisieagent was, was in 1946 toe die *Sunday Times* dié feite in 'n artikel openbaar het. Taillard het hierna weer by die polisiemag aangesluit en in die Transkei, Johannesburg en die Kaap diens gedoen. Taillard en Leibbrandt, selfs na laasgenoemde se vrylating in 1948, het mekaar nooit weer ontmoet nie. Taillard is hierna in die Volks-raad deur verskeie Ministers geloof vir hierdie optrede van hom in 'n tyd toe Suid-Afrika se binnelandse veiligheid deur groot gevaar van buite sowel as van binne sy landsgrense, bedreig is. In 1957 het kolonel Johan Taillard uit die Polisiemag getree en hom op 'n plasie gaan vestig. Adv. Harry Lawrence het Robey Leibbrandt in 'n laaste betoog tiperend soos volg beskryf: „Leibbrandt was a man of mixed qualities. He was brave, but hè was also very obsti-nate, hard and brutal, and a fanatic who had fallen under the spell of Hitler. Had we not apprehended him when we did, as a result of the magnificent undercover work of Taillard, South Africa might have endured a wave of sabotage that could have effectively hin-dered the war effort."

# *Robey in die tronk*

Robey Leibbrandt se behandeling in die tronk was volgens sy oorleweringe uniek. Sonder twyfel kan dit aan sy eie aggres-siewe en weerbarstige optrede teenoor die bewaarders toegeskryf word. Leibbrandt het vir die ses en 'n halfjaar wat hy in die tronk was, 'n uitdagende houding van verset gehandhaaf en besef dat hy as 'n politieke gevangene dienooreenkomstig behandel sou word. Sy relaas oor die behandeling wat hy as gevangene geniet het, was direk daarvoor verantwoordelik dat 'n verbod op die verspreiding van sy outobiografle, *Geen Genade,* geplaas is. Hierdie verbod was na aanleiding van wetgewing wat in 1959 deur die Parlement geloods is en waarvolgens enige subjektiewe en kwaadwillig en neerhalende publikasies oor die behandeling van gevangenes in Suid-Afrikaanse tronke, aan vervolging blootgestel kan word. Tog is dit belangrik om te onthou dat die era en tyds-gees waaruit die herinneringe van Leibbrandt dateer en ook die omstandighede waaronder hy gevangegeset was, nie uit die oog verloor moet word nie, want dit was klaarblyklik die onderliggende motivering vir sy waarneming van die werklikheid. Robey Leibbrandt is in die eerste dae van sy gevangenskap onder sterk bewaking geplaas en het getuig dat hy sonder verhoor of rede van sy eerste dag af tot eensame opsluiting gestraf is. Hierdie bewering van Leibbrandt is later summier deur die Gevangenis-owerhede verwerp, wat dit bevestig het dat Leibbrandt oënskynlik nagelaat het om te meld dat hy weens sy onbetaamlike en ag-gressiewe gedrag heel waarskynlik in sy afwesigheid verhoor is.

Enkele dae na Leibbrandt se inhegtenisneming het die *Sunday Express* op 28 Desember 1941 onder die opskrif: „Leibbrandt splits on nis followers" die gemoedere gaande gemaak. Hier-volgens sou Leibbrandt die name van talie persone, mans sowel as vroue, wat hom goedgesind was of sy organisasie gesteun het, aan die polisie bekend gemaak het. Leibbrandt het geweldig teen die berig te velde getrek en die „karakterlose skimp" as 'n set beskou om persone wat iets van hom geweet het, te beweeg om ver-klarings teen hom te maak. Leibbrandt wou onmiddellik hierna 'n

klag van laster teen die betrokke koerant instel, maar daar is nie aan sy versoek voldoen nie. Dit was egter so dat onmiddellik nadat Leibbrandt agter slot en grendel was, die Veiligheidspolisie op verskillende staatsdepartemente toegeslaan het en 'n aansienlike getal persone wat van ondermynende staatsbedrywighede verdink is, summier in hegtenis geneem het. Speurders van die Veiligheidspolisie het selfs manne in polisiegeledere se huise deursoek en in een geval het die soektog 'n groot hoeveelheid plofstof en 'n aantal handgranate in 'n konstabel se huis opgelewer. In 'n persverklaring in die *Rand Daily Mail* van 10 Januarie 1942 het die destydse Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, laat blyk dat die verdagtes wat aangekeer is op een of ander wyse 'n verbintenis met Leibbrandt gehad het. Die suiweringsveldtog van weerbarstiges in staatsdepartemente wat nie hul positiewe steun aan die regeringsbeleid gegee het nie, het saamgeva! met 'n reeks bomontploffings aan die Rand. Twee kragsentrales, die *Victoria Falls* en die *Transvaal Power Company,* was tydelik buite werking gestel en 'n aantal Randse myne, vanaf Delmas tot by Potchefstroom, kon vir 'n tyd lank geen produksie lewer nie. Die vernaamste doelwit van die saboteurs was om die stellasies van hoogspanningsdrade die lug in te blaas. Telefoonverbindinge is verbreek deurdat telefoondrade op verskeie plekke geknip en telefoonpale met dinamiet verwoes is. Die probeerslae om 'n groot petrolopslagplek in Johannesburg met plofstowwe te verwoes, het gelukkig skipbreuk gelei en talie onskuldige lewens is gered.

Die Smuts-regering was nou verplig om met drastiese maatreëls voor die dag te kom en die vyande binne eie landsgrense aan bande te lê, want die lewens van duisende onskuldige mans, vrouens en kinders was nou op die spel. Die nuwe noodmaatreëls wat in 'n Buitengewone Staatskoerant gepubliseer is, het bepaal dat enige persoon wat onwettig plofstowwe in sy besit het, van hoogverraad aangekla en die doodsvonnis opgelê kon word. Gesien in die lig van omstandighede, was dit heel maklik om Leibbrandt se rebelle vir die meeste van die sabotasievoorvalle verant-woordelik te hou, maar dit was nie die geval nie. Talie van dié gewelddadige voorvalle was die inisiatief van individue wat hoegenaamd geen verbintenis of skakeling met Leibbrandt gehad het nie.

Indien die gees van die tyd noukeurig in oënskou geneem word, blyk dit dat daar ook ander organisasies was wat hulle in vele gevalle aan sabotasie skuldig gemaak het. Hiervan was die Storm-

jaers in die Ossewabrandwag-geledere ongetwyfeld die belang-rikste. Dr. Hans van Rensburg en adv. Harry Lawrence se getuie-nisse bevestig dat van die Stormjaers hulle wel aan dié misdaad vergryp het. In samehang hiermee was daar die beskuldiging dat Leibbrandt van sy eie mense aan die Veiligheidspolisie sou verraai het. Hierdie aantyging kan nie sonder meer as 'n onomstootlike feit aanvaar word nie, want soos reeds voorheen genoem, was die publiek en die pers oningelig oor die rol wat Taillard in die Leibbrandt-episode gespeel het. Die opdrag wat aan Taillard in dié geval gegee was, was om behalwe Leibbrandt in 'n lokval te lei, ook soveel moontlik inligting oor persone en organisasies in te win wat met Leibbrandt geskakel het,

Dit is dan net vanselfsprekend dat Taillard geweet het wie die belangrikste en mees senior Stormjaer-offisiere was en so ook die name van Leibbrandt se sleutelfigure. Na die ontmaskering van Leibbrandt, het Taillard dié uiters belangrike inligting aan die Veiligheidspolisie bekend gemaak. Dit verklaar in 'n groot mate die skielike en uiters suksesvolle optrede van die Veiligheids-afdeling om onmiddellik na Leibbrandt se gevangeneming op 'n aantal verdagtes en ondermyners toe te slaan. Andersyds het die optrede van die polisie ook die indruk gelaat dat Leibbrandt sy eie manne verraai het en die onsekerheid en chaos wat hieruit voortgespruit het, het die polisie deeglik gebruik van gemaak en tot hul voordeel benut. Dr. Hans van Rensburg meld in sy herinneringe dat ongeveer driehonderd en vyftig Suid-Afrikaanse polisiemanne en sestig geregsdienaars van die Spoor-wegpolisie deur die Veiligheidspolisie as verdagtes gearresteer is. Hierdie nuus oor die grootskaalse suiweringsveldtog in die polisiegeledere is sensasioneel deur die dagblaaie aangeblaas en in reuseopskrifte uitbasuin. Die uiteinde van die saak was dus dat die arrestasie van Leibbrandt 'n kettingreaksie aan die gang gesit het wat bo verwagting steeds wyer en wyer uitgekring het, en die fondamente van die Stormjaerbeweging ook tot in sy onderste laag sou laat verkrummel. Volgens Leibbrandt het generaal Smuts, of „Slim Jannie" soos hy hom dikwels ook genoem het, net op die regte sielkundige oomblik gewag om skoonskip van die „oorlogsaboteurs in die Ossewabrandwag" te maak. Eienaardig genoeg het hy net die lede, en nie die leier nie, onskadelik gestel. Genl. Smuts het geweet dat die Ossewabrandwag sonder hulle leier 'n groot gevaar kon word, maar met hulle leier 'n onskuldige organisasie is. Die oggend van 8 Maart 1942 is Leibbrandt aan 'n medegevangene,

'n Duitser met die naam van Lipka, geboei en na 'n vangwa ge-neem wat hul na die hofsaal sou vervoer waar die eerste voorlopige aanklag teen hom afgehandel sou word. Weer eens het Leibbrandt getoon wat 'n moeilike kalant hy was, want hy het summier geweier om vrywillig in die vangwa te klim, alvorens die „luiskas" soos hy dit genoem het, nie skoongemaak is nie. Die uiteinde van die saak was dat hy met geweld in die vangwa ge-help is. Terwyl Leibbrandt en die groepie aangeklaagdes in 'n portaal bewaak is alvorens hulle in die hof moes verskyn, het daar eensklaps chaos geheers, want Leibbrandt en 'n mede-gevangene het handgemeen geraak. Die bewaarders het slegs met die grootste moeite daarin geslaag om die orde te herstel. Leibbrandt, nog steeds geboei aan Lipka, het onder sterk polisie-bewaking saam met vyftien ander beskuldigdes in die volgepakte hofsaal verskyn. Toe die landdros, mnr. C. A. Backeberg, die hof binnegekom en almal opgestaan het, het Leibbrandt met 'n uitgestrekte regterarm die Duitse saluut gegee en uitgeroep; „Die Vierkleur Hoog!" Nadat die staatsaanklaer die klag van hoogverraad in Engels voorgelees het, het Leibbrandt 'n versoek deur middel van 'n speurder gerig dat die aanklag teen hom in Afrikaans gelees moes word. Adv. J. F. Ludorf het hierna die staatsaanklaer versoek om aan die eis gehoor te gee en die klagstaat teen Leibbrandt is toe wel in Afrikaans voorgelees. Die koerante was die betrokke dag vroeg op straat en in hoofopskrifte het die volgende verskyn: „Leibbrandt gee Duitse Saluut in Hof; Leibbrandt Rebuked for Demonstrating in Court; Leibbrandt gives Nazi Salute in Court; Magistrale gets a ‚Heil Hitler'." Op 16 Maart 1942 het Leibbrandt en sestien ander aangeklaagdes weer in die landdroshof verskyn en het Leibbrandt weer die magistraat volgens gewoonte gesalueer en hom 'n hartlike „Die Vierkleur Hoog" toegeroep. Die magistraat het by die aanvang van die verhoor onmiddellik teen hierdie optrede van Leibbrandt beswaar aangeteken en gedreig om stappe te neem indien Leibbrandt hom weer hieraan skuldig sou maak. Adv. Ludorf het hierop verduidelik dat dit Leibbrandt se eie saluut is en dat hy alle mense so groet en die saak is daar gelaat. Die staatsaanklaer se versoek dat die plek van die verhoor na die tronk verskuif word en dat die publiek van die verhoor uitgesluit word, is deur die magistraat toegestaan.

Die verdediging by monde van adv. H. de Viüiers het hierna kennis gegee dat hulle aansoek gaan doen om teen die uitspraak van die magistraat te appèlleer. Na die beredenering in die Appèlhof het

regter-president Greenberg egter beslis dat die saak agter geslote deure in die tronk verhoor sou word.

Terwyl Leibbrandt in die gevangenis verhoorafwagtend was, het die stryd tussen die Herenigde Nasionale Party en die Ossewa-brandwag onverpoosd voortgeduur.* Op 2 Februarie 1942 het dr. D. F. Malan in die Volksraad 'n beëdigde verklaring van Johannes van der Walt voorgelees. Dit het onder meer 'n hele uiteensetting oor die internering van die O.B.-lede ingesluit Volgens Robey moet die optrede van dr. Malan beskou word as 'n poging om die troubreuk wat deur die leiers van die Ossewabrandwag teenoor hul eie volgelinge gepleeg is, aan die kaak te stel. Dat dr. Malan nie daarin kon slaag om die lede van die Ossewabrandwag te oor-tuig nie, was voor-die-hand-liggend. Die Leier van die Herenigde Nasionale Party is deur O.B.-opponente as die grootste vyand van die O.B. voorgestel en in die O.B.-mondstuk is dit sterk gesug-gereer dat dr. Malan 'n leidende aandeel in die grootskaalse internering van die O.B.-lede gehad het. Vir dr. Malan het die Ossewabrandwag-beweging in 'n rampokkerbende ontaard en hoe kinderagtig en naïef dit ook al was, het die O.B. tog geglo dat hulle 'n daadwerküke gevaar vir generaal Smuts was. Hierdie illusie het hul opstandigheid getemper en hul ego gestreel Wat wou generaal Smuts meer hè ?

Volgens Leibbrandt was die lede van die O.B. aangesê om altyd gereed te wees, maar vir wat weet die joos alleen! Hulle moes biltong, beskuit, komberse en dies meer in gereedheid hou . . . „waar hulle in aller haas wou gaan piekniek maak, het hulle self nie geweet nie." Leibbrandt het sy betoog oor die Ossewabrandwag met 'n pedagogiese teregwysing beëindig; „Dit is deur die eeue heen bewys dat 'n volk, net soos die jeug, geen waarde of teorieë in die vorm van helklinkende toesprake of opgediste snert van koerantskrywers en politieke wiggelaars volg nie, maar slegs voorbeelde, hetsy goed of sleg. Suid-Afrika is egter 'n uit-sondering op elke reël. Ons is te lui om selfstandig te dink, andere moet dit vir ons doen. Ons sien die gevaar, maar weier om dit te erken. Ons wil lewe, maar weier om te veg. Ons glo in God, maar verkrag Sy Gebod . . . Blank Suid-Afrika aanvaar wat ek se . . . moenie weer toelaat dat onbeproefde dwergleiertjies julle met lippe-taal aan die slaap sus . . . Hierdie ding het in die verlede met driehonderdduisend lede van die Ossewabrandwag gebeur. Na

*Wat hierna volg, is die sienswyse en verklaringe van Leibbrandt oor dié vete en nie die interpretasie van die samesteller nie.

dese sal ons nie weer 'n kans kry nie . . . die Kommunis sal daarvoor sorg."

Hierdie woorde was eie aan Leibbrandt en tiperend van sy onpeilbare persoonlikheid wat hom as individu dikwels vir mense onverstaanbaar gemaak het.

In die tronk is twee werkswinkels vir die hofsitting ontruim. Intussen is die sestien aangeklaagde» van hoogverraad ten strengste bewaak. Weens die uitdagende en uittartende houding wat Leibbrandt teenoor die bewaarders ingeneem het, was hy reeds voordat die hofsaak 'n aanvang geneem het, twee keer gestraf en vir sy optrede tot verminderde rantsoen gevonnis. Tereg het hy vermeld dat hy na dese deeglik daarvan bewus was dat die gevangenis geen piekniekoord was nie, maar hy het volhard in sy optrede. Leibbrandt het vertel dat hy soms erg bewoë geraak het, toe van sy voormalige strydmakkers hardnekkig en konsekwent geweier het om teen hom te getuig, en sodoende eerder bereid was om vir 'n onbepaalde tyd geïnterneer te word as om verraad teen 'n mede-Afrikaner te pleeg. Andersyds was daar ook die sterk, jong Afrikaners wat eerder gekapituleer het voor die gedagte dat hulle moontlik 'n dag of langer in die tronk sou moes deurbring. Onder hulle was diegene wat gewoonlik die grootste monde gehad het . . . die mooiweerhelde.

Op 3 Julie 1942 het die volgende berig in die pers verskyn: „Leibbrandt verhoor afgesluit . . . 507,500 Woorde in Hof Afgeneem. Die Staat het gister sy getuienis in die saak waarin Robey Leibbrandt en 17 ander beskuldiges vir voorlopige verhoor op aanklag van hoogverraad teregstaan, afgesluit. . . Die saak het op 7 Maart begin; die rekord van die verrigtinge wat deur drie snelskriftiksters afgeneem is, beslaan 1150 bladsye. Die saak is oor 'n tydperk van 53 dae verhoor en het ongeveer 200 uur in beslag geneem. Dit is een van die langste sake in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse regspleging. Daar is 105 bewysstukke en 84 dokumente by die hof ingedien terwyl 183 getuies in die saak getuig het." Na afloop van die voorlopige verhoor het die landdros die gebruik-like vraag aan Leibbrandt gestel, naamlik of hy enigiets op die aanklag te se het. Robey het vanselfsprekend „ja" geantwoord en hom soos volg uitgelaat: „Ek beskou die aanklag van hoogverraad teen my nie alleen as onsinnig, swaksinnig en kranksinnig nie, maar as waansinnig. Ek is 'n eervolle Afrikaner en 'n trotse soldaat van die idee van Adolf Hitler. Die Vierkleur hoog!"

Slegs ses van die oor-spronklike sewentien aangeklaagdes sou saam met Leibbrandt voor 'n spesiale hof, bestaande uit drie regters, in Pretoria ver-

skyn. Die res van die aangeklaagdes wat deur dielanddros ter straf-sitting verwys is, is later weens 'n gebrek aan genoegsame getuienis ontslaan.

Die oggend van 16 November 1942 is Leibbrandt saam met L. J. le Roux, F. J. Olwagen, H. van Cittert, F. M. J. van der Walt, A. J. Stadier en E. H. Annandale onder sterk polisiegeleide na die Hooggeregshof in Pretoria geneem. Die volgende dag, 17 November, het 'n dagblad berig: „Leibbrandt-verhoor in Pretoria Hervat. . . Hoogverraadklag teen Sewe Blankes. . ." Advokaat Lutge het 'n kort opsomming van die saak gegee: „Die Staat sal beweer dat Robey Leibbrandt, besiel met die idee van Adolf Hitler, hoof van die staat met wie hierdie land in oorlog is, met 'n duikboot na Suid-Afrika gestuur is om die belange van die Unie se vyande te bevorder. Die oogmerke van Leibbrandt sou wees om die Regering van die land omver te werp en hier 'n Nasionaal-sosialistiese regering in die lewe te roep."

Die hofdeure was die oggend van Leibbrandt-hulle se verhoor reeds vroeg oop met die gevolg dat die hofsaal stampvol was toe die beskuldigdes binnegelei is. Leibbrandt het van hierdie geleent-heid gebruik gemaak en die publiek met 'n uitgesterkte regterarm gesalueer en ,,Die Vierkleur hoog!" uitgeroep. Hierdie gebaar was teen die tyd al eie aan Leibbrandt, maar om dit in die toekoms te verhoed, is die publiek nie in die hofsaal toegelaat alvorens die aangeklaagdes hul plekke in die spesiale beskuldigdebank inge-neem het nie. Alle uit en ingange van die hofsaal is deeglik deur die polisie bewaak en 'n aantal geregsdienaars het tussen die beskuldigdebank en die publiek stelling ingeneem. Leibbrandt se spesiale wagte was twee bekende rugbyvoorspelers, t.w. Louis Strachan en Kippie Geyser. Die twee fris manne het Leibbrandt altydvergesel wanneer hy van een plek na 'n ander vervoer is. Talie van die ge-tuies is in die hofsitting agter geslote deure verhoor. Hierdie ge-tuienis het meestal gehandel oor die bewaking van die Suid-Afri-kaanse kus sowel as die bodemgesteldheid van die kus. Die staat wou vasstel of dit wel moontlik was om met 'n duikboot tot naby die kus te kom. Volgens die getuienis het die hof beslis dat Leibbrandt wel met 'n duikboot na Suid-Afrika gekom het. Leibbrandt se eie verdigsel oor sy koms en landing aan die Suidwes-kus het dus die finale deurslag gegee.

Die aangeklaagdes se verhoor in die Hooggeregshof is vir die Kers-vakansie verdaag. Robey vertel dat 'n paar van sy kamerade op Kersdag onder strenge toesig toegelaat is om sy hand te druk, so-dat hulle elkander 'n geseënde dag kon toewens. Gedurende hier-

die reses het 'n bewaarder Leibbrandt in die geheim genader en hom vertel dat 'n aantal goedgesinde polisiemanne druk besig was om planne te beraam om hom (Leibbrandt) uit die tronk te haal. Robey het hierdie aanbod vol waardering van die hand gewys, want hy kon hom nie met die gedagte vereenselwig om nou op die einde van sy lotsbeslissing weg te hardloop nie. Hy was toe reeds oortuig dat die doodsvonnis hom opgelê sou word. „Ek wou graag gebruik maak van die geleentheid om die jeug van my volk te besiel met 'n gees wat in die uitlewing van hulJe Afrikanerskap weerklank sou vind. Die vraag is hoe ek geweet het dat ek ter dood veroordeel sou word ? Ek het genl. Smuts geken. Nie die mens nie, maar die on-verskrokke leier. Die leier wat met sy volk gepraat het met dade wat soos donder slaan … die enigste taal wat 'n volk verstaan en die enigste taal wat 'n volk se siel kan tref." Op Robey Leibbrandt se verjaarsdag, 25 Januarie 1943, is die verhoor hervat. Die Staat se aanklag van hoogverraad teen Robey was waterdig en hy het geweet dat daar vir hom geen ander alternatief as slegs die galg was nie. Vanuit verskillende oorde is nou aan hom voorgestel dat hy om genade moes pleit deur te erken dat hy deur die Duitsers mislei is en dat die Nazi's in der waarheid vir sy optrede in Suid-Afrika verantwoordelik was. Leibbrandt het botweg ge-weier om hom aan sulke swakheid, soos hy dit genoem het, skuldig te maak. „Ek het in my hart gebid dat God my die krag moes gee om só te sterwe dat ek as voorbeeld kon dien vir die jeug van my volk."

Op 27 Februarie 1943 het die volgende berig in *Die Transvaler* ver-skyn: „Die verhoor van die saak waarin Robey Leibbrandt en ses ander op aanklag van hoogverraad verskyn, is gistermiddag laat afgesluit. Die saak wat voor 'n spesiale hof gedien het, het tien weke geduur. Dit is byna 'n jaar gelede dat met die voorlopige ver-hoor daarvan begin is. Die advokate vir die staat en vir die verdediging het die hof drie weke lank toegespreek. Advokaat C. P. Bresier het gistermiddag sy beredenering beëindig nadat hy 'n volle week besig was. Advokaat Lutge, vir die staat, het gister 'n kort opsomming gegee, waarna die presiderende regter aangekondig het dat die uitspraak voorbehou word. Die saak is verhoor deur reg-ters O. D. Schreiner, W. H. Ramsbotton en E. M. de Beer." Leib-brandt se saak was afgehandel en slegs die vonnis dat hy die hoogste tol moes betaal, het uitgebly.

# *In die skadu van die galg*

Robey Leibbrandt het in die krisistyd waarin hy sy terdoodveroordeling afgewag het, diep geworstel met die gedagte van eie self-behoud of ondergang. Wat daar in sy gemoed omgegaan het, is moeilik peilbaar, maar soos hy dit gestel het, het hy uit die volgende gedagte veel krag geput: „Dit is beslis geen kuns om te sterwe nie, want selfs 'n tweebenige wurm kry dit reg, maar hoe en in wat-ter gees die stryder sterwe, is deurslaggewend en plaas die seël op die inhoud van sy lewe." Twee dae lank het Leibbrandt die toespraak wat hy in die hof wou afsteek, noukeurig voorberei. Elke woord en sin het hy sorgvuldig gewik en geweeg. Volgens hom was hierdie geskrewe toespraak sy behoud, want dit sou later as die basis dien waarop hy sy verdediging in die Appèlhof gebou het. Die dag van beslissing het eindelik aangebreek. Op 11 Maart 1943 is Leibbrandt, vergesel van Strachen en Geyser, na die Hoogge-regshof geneem. Twee verkeerskonstables het met skreeuende sirenes die vangwa deur die strate gelei. Die hofsaal was reeds stampvol en mense het mekaar by die deure verdruk. Die atmosfeer was merkbaar gespanne en almal het gespanne gesit en wag op regter Schreiner se uitspraak. Die vonnisse van Robey se mede-aange-klaagdes is eerste afgehandel. L. J. le Roux, lektor aan die Pot-chefstroomse Universiteit, is tot vyf jaar dwangarbeid gevonnis en 'n ander beskuldigde, F. J. Olwagen, 'n werker by Yskor, ook tot vyf jaar dwangarbeid. Die ander persone, naamlik Hendrik van Cittert, F. M. J. van der Walt, A. J. Stadier en sersant E. H. An-nandale is onskuldig bevind en ontslaan. Hulle is egter onmiddellik hierna weer in hegtenis geneem om geïnterneer te word. Robey het die vier strydmakkers geluk gewens en hul met sy uitgestrekte regterarm gesalueer. Leibbrandt wat die mantel van leierskap om-gehang het, moes die tol betaal.
Op 'n vraag van regter Schreiner of hy enigiets te se gehad het voordat die vonnis oor hom uitgespreek word, het Robey geantwoord: „Eers wens ek 'n verklaring te doen en daarna sal ek my volk toespreek." Leibbrandt het vervolg: „Ek verklaar voor die Almagtige God en voor die Afrikanervolk dat ek nog nooit deur enige persoon of persone, binne of buite die ryk van Adolf Hitler,

genader is met die doel om my in enige moontlike denkbare rig-ting te probeer beïnvloed betreffende my optrede, binne of buite die grense van my vaderland, Suid-Afrika nie. Ek en ek alleen dra die verantwoordelikheid vir wat ek gedoen het en nog gaan doen. Die Vierkleur hoog!" By hierdie woorde het Leibbrandt met 'n uitgestrekte arm die Nazi-saluut gegee. Hierna het hy voortgegaan: „Kamerade, kameradinne, volksgenote en huurlinge." Regter Schreiner het Leibbrandt streng in die rede geval dat hy geen propagandistiese toespraak mag lewer nie en nie die reg het om die gehoor toe te spreek nie. Indien hy hiermee voortgaan, sal hy uit die hof verwyder word en sal die vonnis in sy afwesigheid gevel word. Leibbrandt het hom nie aan die vermaning gesteur nie en ongeërg voortgegaan: „Trots die bewuste leuens van die staatsgetuies, in groot formaat geproduseer in hierdie saak is ons onskuld aan hoogverraad ondubbelsinnig bewys. Die huidige demokratiese regering het egter besluit dat dit 'n verraderlike oor-treding is om as Afrikaner jou volk en vaderland met die daad lief te hè . . . want in welke lig die demokrasie ook al in hierdie land aan die Afrikaner voorgestel word, so is en bly dit die jonger broer van die verpestende Kommunisme met die ewige Jood as vader van beide." Sonder twyfel was dit 'n diep oortuigde Nasionaal-sosialis wat hierdie woorde gebesig het. Hieruit blyk duidelik sy opvattinge oor die demokrasie - vir hom was die demokrasie die ondergang van die Afrikanervolk.

Leibbrandt is weer eens deur regter Schreiner vermaan om nie 'n propagandistiese toespraak af te steek nie, maar Leibbrandt het voortgegaan om sy hart te ontboesem en die regter het hom hierna nie weer in die rede geval nie. „In sy heilige en geheime skrifte, *Die Talmoed* en die *Protokolle van die Wyses van Sion,* het die Jode die Ariër tot die dood veroordeel en hy gebruik die Kommunisme en die Demokrasie om daardie vonnis te voltrek. Afrikaner volk! Ek tree nie vandag voor u op as 'n karakterlose, betaalde agent van Duitsland nie, maar as 'n swaarbeproefde Afrikaner en 'n trotse, ja fanatieke soldaat van die idee van Adolf Hitler . , . sodat ek vandag met alle trotsheid kan verklaar dat, naas Afrikanerbloed wat in my are vloei, my verlede my edelste besitting is. 'n Verlede gegiet uit die kelk van waaragtige liefde tot volk en vaderland, wat die stempel van Nasionaal-sosialisme as ewige kenmerk dra . . . Afrikanervolk! Ons heil en redding berus nie in sinlose kruisietrek-kery nie, maar in daad en onbaatsugtige opoffering in diens van die volksgemeenskap, soos geopenbaar deur die vaandeldraers van die idee van hom wat deur die Alraagtige gestuur is om die volke

van hierdie planeet uit die moeras van verdrukking en ellende te verlos . . . Adolf Hitler! Uit my geloof in die onruimtelikheid van God skep ek die vertroue dat die Almagtige nie sal toelaat dat Sy skepping, met alles wat vir die mens heilig en edel is, deur die ate-istiese monster in die gestalte van die wrede Kommunisme, vertrap en verpletter sal word nie. Net een kan, sal en móét hierdie bloedige worsteling wen, en dit is die swaard van . . . Adolf Hitler! Wat die vonnis, wat nou oor my uitgespreek gaan word, ook al mag inhou, is van minder belang . . . Van één ding kan u egter seker wees en dit is dat geen mag ter wereld, selfs met die ondersteuning van die duiwel in die hel, daartoe in staat is om hierdie Afrikanerhart te breek nie. In hierdie sin en gees roep ek uit: Na die hel met genade! Lank leef die Afrikanervolk! Lank Leef Nasio-naal-sosialistiese Suid-Afrika! God met my en my kamerade en kameradinne! Die Vierkleur hoog!"

Toe regter Schreiner hierna die oordeelswoorde: „Jy sal na 'n plek van veilige bewaring geneem word en aan jou nek opgehang word totdat al die lewe uit jou liggaam is", uitgespreek het, het Robey Leibbrandt met 'n uitgestrekte regterarm kalm die verdoemende woorde aangehoor en luid uitgeroep: „Ek groet die dood!" In *Die Transvaler* van 12 Maart 1943 het die verslaggewer die toneel soos volg beskryf: „Soos 'n man wat geen vrees vir die dood ken nie, het Robey Leibbrandt die doodvonnis aangehoor. Hy het die hof toegespreek soos iemand wat die dood in die oë staar en sy testament dikteer." Die *Sunday Times* van 14 Maart het 'n breedvoerige verslag van die dramatiese gebeure wat in die hof afgespeel het, gegee. Onder die opskrif: „Leibbrandt straightened his tie and heard the sentence of death" beskryf die verslaggewer hoe Robey sy orasie beëindig het. Stadig, vasberade en soos iemand wat die toneel voor 'n spieël geoefen het, het hy sy das reggetrek en 'n Hit-leragtige houding ingeneem, sy breë skouers teruggetrek, net die ken gelig en toe met 'n uitgestrekte regterarm die Leibbrandt-sa-luut gegee. Sy fanatieke oë het gegloei. „He stood like a statue. He acted his part to the drop of the curtain. I have seen many a man sentenced to death, but never have I seen such a mixture of drama and melodrama at any trial at which a man's life was at stake. But all the drama and the melodrama was of Leibbrandt's own brand." Die verslag lui verder dat terwyl die verhoor die einde genader het, Leibbrandt hom geleidelik begin regmaak het vir die drama wat hierna sou volg. Dit het gelyk of hy vir hierdie uur gewag het om die middelpunt van die martelaarsgroep te wees. Hy het papier-koeëltjies rondgeskiet en vir die gehoor geglimlag en net soos Hit-

ler gegryns. Dit was die tussenbedrywe in die drama waarin hy die hoofrol vertolk het.

„Just as hè had cultivated that Hitler moustache in prison and moulded his mind into Nazi ideas, hè had moulded his words and his gestures for this occasion." Sy toespraak was 'n Hitler-resep. „His voice was strident, sometimes hysterical, his fist clenched . . . in a torrent hè said that hè had come of his own free will. He snar-led invectives against democracy and communism and his voice was then resonant as hè praised Adolf Hitler." Robey Leibbrandt het sy rol vertolk in een van die verbasendste verhore wat nog in Suid-Afrika plaasgevind het.

Adv. Ludorf wat namens Leibbrandt verskyn het, het te kenne ge-gee dat die verdediging teen die doodvonnis gaan appelleer. Nadat die verrigtinge in die hof afgehandel is, is Leibbrandt na die Sen-trale Gevangenis geneem en in die dodesel geplaas. Die sombere atmosfeer het nie verhoed dat hy daardie eerste nag na die uitgerekte en uiters vermoeiende hofsaak soos 'n klip geslaap het nie. Leibbrandt se botsing met die tronkowerhede terwyl hy in die dodesel was, het ook nie uitgebly nie, alhoewel goedgesinde bewaarders soms aan hom 'n lekkerny of twee gegee het. Spottender-wys het hy na die smulgoedjies verwys as die „vetmaak vir die galg". Die verblyf in die dodesel en die geklap van die valdeur ten tye van teregstellings het ongetwyfeld 'n merk op Leibbrandt se gemoedstoestand gelaat, Sy gees het inderdaad in 'n toestand van neurose begin verval. Hy noem onder andere dat in die dodesel die veroordeelde elke dag sterf. Die sielelyding wat deurgemaak word, is geweldig sodat die teregstelling later net 'n blote formaliteit word.

Nadat Leibbrandt reeds nege maande in die dodesel was, is aan hom meegedeel dat sy aansoek om teen die doodsvonnis te appelleer, geslaag het, en dat die saak binne afsienbare tyd in die Appèlhof in Bloemfontein sou dien. Na sorgvuldige oorweging het Robey besluit om sy verdediging in die Appèlhof self waar te neem. Niks en niemand het hy nou meer vertrou nie. Alle pogings om hom van hierdie besluit te laat afsien, het hy onverbiddelik van die hand gewys. Sy eie ouers se trane kon hom selfs nie beweeg om van sy besluit afstand te doen nie. Hieroor het hy soos volg geskryf: „Trane het nog nooit veel indruk op my gemaak nie. Trane is soms so goedkoop, so maklik en so geveins. Dit is dikwels 'n wapen, soms 'n dekmantel en seer selde eg. Die trane wat 'n moede egter oor haar kind stort, is skoner en reiner as die helderste dou-druppel. Indien dit saamvloei met dié van 'n streng gedissiplineer-

de vader, smelt selfs die gepantserde hart. Maar al smelt die hart, 'n gewigtige besluit moet ongeskonde bly en mag nooit verkrum-mel nie," Sy moeder, wat in besit van sy oorspronklike toespraak was, het die dokument aan hom besorg. Soos reeds genoem, was dit die uitgangspunt en basis waarop hy sy eie verdediging sou bou. In die dae wat hierna gevolg het, het hy homself met die voorbe-reidings vir sy appèlsaak besig gehou. Die Hooggeregshofverslag oor sy saak, is ook tot sy beskikking gestel. Vir Leibbrandt se verhoor, is die Appèlhof vanaf Bloemfontein na Pretoria verskuif. Die saak het op 6 Desember 1943 'n aanvang geneem. Die volgende dag het die berig in *Die Transvaler* verskyn: „Robey Leibbrandt voor Appèlhof, Neem sy Verdediging self waar." Die saak het voor hoofregter E. F. Watermeyer gedien. Leibbrandt het sy eie verdediging binne die bestek van 'n anderhalfuur voltooi. Hy het ter aanvang van sy betoog die hof meegedeel dat hy as 'n man wat meer as agt maande onder die skaduwee van die galg deurgebring het, graag sy eie saak op sy eie wyse wil bepleit. Hy het die hof ver-wys na die verslag van die hofsnelskrywers waarin verklaar word dat die hofverslag 'n getroue weergawe van die hofverrigtinge is. Leibbrandt het sy oorspronklike toespraak wat hy in die hof ge-lewer het, voorgelees en op 'n aantal foute in die hofverslag gewys. Volgens hom is talie woorde uitgelaat en sommige sinsnedes is verkeerd geïnterpreteer en verdraai, wat 'n verkeerde beeld van die oorspronklike toespraak skep. Om dié rede is die verslag van die snelskrywers nutteloos, sodat, volgens sy mening, die hele verslag deur die hof verwerp moet word. Hy was nie bereid om vir die foute wat die snelskrywers gemaak het, te sterf nie. Die verslag in geheel is geen getroue weergawe van die saak nie, sodat die grond-slag van die saak verval.

Regter Watermeyer het aan Leibbrandt gesê dat hy op 'n paar foute in die verslag gewys het, maar dat hy dink dat dit die beste sou wees as Leibbrandt 'n lys van al die foute opstel en dit dan aan die hof voorlê. Leibbrandt het verklaar dat dit onmoontlik is, omdat hy dan op sy geheue moet staat maak, maar die foute wat hy kan aantoon, behoort voldoende te wees om die hele verslag omver te werp. Op 'n vraag van regter Centlivres wat Robey in die verband sou voorstel, het laasgenoemde geantwoord dat daar geen saak teen hom was nie, omdat die hofverslag verkeerd en foutief is en op grond hiervan eis hy nou sy ontslag. Regter Watermeyer het hierop verklaar dat indien daar ernstige foute in die hofverslag was, Leibbrandt se advokate aansoek sou gedoen het om dit te herstel. Leibbrandt het geantwoord dat sy advokate dit juis nie ge-

doen het nie en dit is die rede waarom hy hulle ontslaan het en tans sy eie verdediging waarneem.

Op 'n verdere vraag van die regter of hy niks oor die regspunte, waarop die aansoek van appèl toegestaan is, gaan se nie, het Leib-brandt geantwoord dat dit hom nie sou baat om daaroor te redeneer nie, omdat hy van die standpunt uitgaan dat die hofverslag vals is en daar dus geen grondslag is om te redeneer nie. Hoofreg-ter Watermeyer het ten slotte verklaar dat die hof die verslag in oënskou sal neem en oorweeg. Die uitspraak sou later gegee word. So het dié unieke hofsaak in die regsgeskiedenis van Suid-Afrika ten einde geloop, 'n Terdoodveroordeelde wat reeds in die skadu van die galg gestaan het, het onverbiddelik geweier om van sy ad-vokate se dienste gebruik te maak. Hy self het die allerlaaste kans benut om sy eie verdediging waar te neem en sodoende van die galg vrygespreek te word.

Tydens sy verblyf in die dodesel het Robey talie briewe en bros-jures van verskillende geloofsgenootskappe ontvang, maar homself nie verwerdig om 'n enkele een hiervan te beantwoord nie. Hardnekkig het hy ook geweier dat enige geestelike, van watter kerkverband ook al, hom in die dodesel besoek. Hierdie optrede van hom het hy soos volg verklaar: „Ek wou ongesteurd glo in God. Nie die God van genade nie, maar die God van krag en liefde .... Deur my eie toedoen het ek in die dodesel beland. Waarom sou ek nou om genade pleit? Sou dit nie verregaande huigelary wees nie. Nou moet God my skielik weer uit die penarie verlos. Nee, God is niemand se speelmaat nie." Die lang verblyf in die dodesel het Robey Leibbrandt nie week gemaak nie, maar eerder verhard.

Op 21 Desember 1943 is die beslissing van die Appèlhof skriftelik aan Robey oorhandig. Sy appèl het misluk en hy moes die hoogste tol betaal. Die dag waarop die teregstelling sou plaasvind, is egter nie vermeld nie. Die Goewerneur-generaal se besluit oor sy lot sou op 23 Desember bekend gemaak word.

Die onvoorsiene en onverwagte, soos in alle gevalle, het nie uitge-bly nie. Twee dae voor Kersfeees, toe daar reeds 'n feesstemming in die Sentrale Gevangenis geheers het, het die tronkbestuurder Leibbrandt na sy kantoor ontbied. Daar is die nuus hom meege-deel dat hy tot lewenslange gevangenisstraf begenadig is. Robey Leibbrandt het in sy herinneringe geen blyke gegee welke indruk hierdie nuus op hom gemaak het nie, maar gee te kenne dat die eintlike rede waarom hy nie tereggestel is nie, aan die onweerleg-bare feit toegeskryf kan word dat hy sy eie verdediging in die Ap-

pèlhof waargeneem het. „By die grasie God's, was ek een te veel vir ‚Slim Jannie'. Indien ek dit egter nie gedoen het nie, sou ek beslis aan die galg gesterf het. Daarvan is ek oortuig. Die vervalsing van my toespraak sou andersins nooit aan die lig gekom het nie. As ek my self nie wou help nie, hoe anders moes God my dan help?" Adv. Harry Lawrence het 'n aantal jare later verduidelik waarom die Smuts-regering nie die doodvonnis van Leibbrandt deurgevoer het nie. „The Government was not anxious to create a martyr whose name might be used to play upon the emotions of those members of the public who did not support the war eflfort." Die tyd wat Robey hierna in die segregasie-afdeling van die Sen-trale Gevangenis deurgebring het, het sy geestelike neurose intens verskerp en dit het tot 'n uitbarsting gekom die dag toe hy die nuus verneem dat die Duitsland van Adolf Hitler verpletter en verslaan is. Die uitslag van die oorlog het hom in rou gedompel en vir die eerste keer sedert sy kinderjare het hy bitterlik geween. „Die Duitsland van Adolf Hitler was verpletter . . . Die gedagte was oorwel-digend en die pyn het my siel geskroei. My geloof in God het in die smeltkroes beland. Dag en nag het ek geworstel met die gedagte of daar wel 'n Hoer Mag bestaan. Indien wel, waarom sou hy dan toelaat dat 'n ateïstiese monster seëvier?" Die volgende verdoemende woorde van Leibbrandt was egter vir hom 'n bron van krag in sy sielestryd. Dit sou hom opnuut aanspoor om dit waarvoor hy gestrewe het, nie nou gewonne te gee nie: „Vandag aanvaar ek die uitspraak dat die Westerse beskawing gedoem is om in die wilsand van nihilistiese Kommunisme vir ewig te verstik, maar dit bied my geen verskoning om te kapituleer en te gaan lê nie; inteen-deel, die wete dat 'n titaniese stryd wag, sterk my siel en vul my met nuwe krag."

Die ondergang van Nasionaal-sosialistiese Duitsland het Robey Leibbrandt daar in die klein tronkselletjie gewis 'n verpletterende slag toegedien. Sy geestestoestand het in der waarheid so agteruit gegaan dat op aanbeveling van 'n staatspsigiater, sy isolasie opge-hef moes word. Dit het egter nog lank nie sy rebelse en opstandige gees geknak nie, want na 'n botsing en woordewisseling met 'n hoof bewaarder, kon Leibbrandt slegs uit sy sel gekry word nadat 'n traangasbom daarin gegooi is.

As protes teen die tronkbehandeling wat hy in die Sentrale Gevangenis ontvang het, het hy op 2 Junie 1947 'n ultimatum aan adv. H. Lawrence, Minister van Justisie, gerig en daarin verklaar dat indien sy onmiddellike omstandighede nie verbeter nie, en hy ook nie soos van die ander politieke gevangenes na Baviaanspoort oor-

geplaas word nie, hy op 'n hongerstaking sou gaan totdat die dood hom verlos. Weer eens het Robey 'n opspraakwekkende drama veroorsaak. Op die twee en twintigste dag van sy hongerstaking het 'n oggendblad soos volg berig: „Leibbrandt se Toestand Sorg-wekkend. Minister stem in tot ondersoek. Samesprekings Beëindig." Die hongerstaking van Leibbrandt het 'n intense belangstelling by die leserspubliek geniet. Haatdraende briewe oor die Regering se behandeling van politieke gevangenes, getrou volgens die gees van die tyd, het in korrespondensiekolomme verskyn. *Die Transvaler* het in 'n hoofartikel die byl aan die boom gele: „Die eenvoudigste feit is dat Suid-Afrika nie meer Jopie Fouries wil hé nie en dat die prestige van 'n Minister of 'n amptenaar nie iemand se dood werd is nie, so oordeel die publiek. Is die volhou met weiering om Leibbrandt gelyk met die ander politieke gevangenes te behandel deur enigiets anders as oorweging van prestige gemotiveer? Die publiek daarbuite kan dit nie glo nie." Die houding en standpunt van die gevangenisowerhede was egter dat Leibbrandt nie na Baviaanspoort oorgeplaas kon word nie, nie soseer omdat dit hom groter geleentheid sou gee om te ontsnap nie, maar omdat die owerheid bevrees was dat Leibbrandt opstootjies in die kamp kon veroorsaak, wat die proefneminge wat daar met eerste oortreders gedoen word, kon laat skipbreuk lei. Robey se twee susters, Ray en Regina, het hom dieselfde dag nadat bostaande berig in die pers verskyn het, besoek, en in sy toestand het hy hulle nouliks geglo dat die Minister van Justisie inge-stem het om hom na Baviaanspoort te stuur. Adv. Lawrence noem dat Leibbrandt se susters hom wel besoek het en gepleit het dat hul broer na die muurlose tronk by Baviaanspoort oorgeplaas moet word. Volgens hulle sou dit van Leibbrandt 'n veel meer gemoede-like gevangene maak daar hy meer vryheid van beweging sou hè. Hulle het hom die versekering gegee dat Robey hom hierna be-hoorlik sou gedra en geen poging sou aanwend om te ontsnap nie. „Being impressed by what they said and their obvious sincerity, I acted against the advice of the administrative head of the Prisons Department and arranged for Leibbrandt to be moved to Baviaanspoort. From that day until hls release hè gave us no more trouble."

Na sy hongerstaking in die Sentrale Gevangenis is Leibbrandt na die ou Fort in Johannesburg oorgeplaas. Die behandeling wat hy hier ontvang het, was volgens hom baie goed. Hy was nou onder die waarneming van 'n staatspsigiater wat 'n ondersoek na sekere van sy gedragspatrone moes maak. Dit het alles saamgeval met sy

oorplasing na Baviaanspoort wat toe nog in 'n beginstadium vir die rehabilitasie van eerste oortreders en politieke gevangenes was. Daar was 'n groot vraagteken agter die naam van Leibbrandt en des te meer moes voorsorg getref word dat dié rehabilitasieskema nie deur een persoon geskaad of verongeluk word nie. Robey Leibbrandt het egter reikhalsend uitgesien na sy verblyf in Baviaanspoort. Bykans ses jaar van sy lewenslange tronkstraf was reeds agter die rug en dit was nou sterk te betwyfel of hy deur enige on-verantwoordelike optrede homself sou benadeel en die aangename omstandighede wat in vooruitsig gestel is, sou moes ontbeer.

Baviaanspoort het 'n grootse indruk op Leibbrandt gemaak. Hy vertel dat indien hy 'n digter was, hy die plek in liriese taal sou be-skrywe. Vir hom was dit soos 'n droom wat werklikheid geword het. Hy het geglo dat God hom op 'n wonderbaarlike wyse deur die smeltkroes gelei het. Nie dat hy dit verdien het nie, maar om-rede God alleen diegene help wat bereid is om hulle self te help. Met 'n bykans grenslose verering wys Robey op die grootsheid van die man wat eenkeer gesê het: „Alleen wie veg om sy reg, het die reg om te lewe, want op hierdie aardbol is daar geen plek vir lafaards nie," Hierdie woorde was onmiskenbaar dié van Adolf Hitler. „Die Koramunistiese vloedwaters rol onheilspellend nader. Traag, misdadig traag, kom die Weste tot besinning . . . Groot sal sy naam eendag weer aan die Westerse uitspansel verskyn . . . Adolf Hitler." Hieruit blyk duidelik die byna goddelike aanbidding wat Robey Leibbrandt vir Hitler gehad het. Robey Leibbrandt was oortuig dat die Minister van Justisie geweet het dat hy nooit sou poog om uit Baviaanspoort te ontsnap nie, want hy het geen rede daarvoor gehad en hy was op hierdie tyd-stip nie vir so 'n dwase onderneming te vinde nie. Die gevangenis-owerhede was egter uiters versigtig en bevrees dat Leibbrandt met sy onblusbare wrokgevoelens teenoor die gevangenisdiens in opstand kon kom. Leibbrandt was in hul oë nog steeds 'n roekelose agitator.

Kort na sy aankoms in Baviaanspoort is Leibbrandt tot voor-sitter van die sportkomitee verkies en in bevel van alle sport-bedrywighede geplaas. Hy het hom besig gehou met die organisering van boks- en ringtennistoernooie, voetbalwedstryde, atletiek-byeenkomste, jukskeiwedstryde en talie ander vorme van ontspanning. Hier het Leibbrandt, getrou aan sy besondere persoon-likheid, 'n leidende rol onder die gevangenes vervul. Onderlinge bakleiery tussen die gevangenes het hy summier vanaf sy eerste dag in die kamp stopgesit en homself vir die handhawing van dis-sipline beywer. Enige meningsverskil onder die gevangenes is met die bokshandskoene opgelos wat bygedra het dat daar'n gesonde gees onder die manne geheers het. Op eie inisiatief het die poli-

tieke gevangenes in Baviaanspoort 'n maandblad, *Bógom,* in die lewe geroep waarvan Robey die sportredakteur, onder die skuilnaam, Olimpus, was.

Interessante verwikkelinge op die partypolitieke toneel het die belangstelling van alle politieke gevangenes in Baviaanspoort intens vasgevang. Die algemene verkiesing van 1948 wat 'n ommekeer in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis sou teweegbring, het voor die deur gestaan. Reikhalsend het die gevangenes die uitslag van die verkiesing afgewag, want vir hulle was daar veel meer as 'n blote party-oorwinning op die spel. Trouens, vir almal was dit'n saak van vryheid of gevangenskap, aangesien 'n nuwe regering aan bewind vir baie die kans sou bied om weer as vry man die tronk te verlaat.

Toe die uitslag op 26 Mei 1948 bekendgemaak is, het daar 'n byna onbeheersde opgewondenheid in Baviaanspoort geheers. Elke gevangene het homself die vraag afgevra of hy vrygestel gaan word, of nie. Robey was van mening dat die Regering wat hom skuldig bevind en veroordeel het, nou met die verkiesing wegge-val het, en daarmee ook die aanklag sowel as die vonnis. Daar was tydens sy verhoor geen kriminele aanklag teen hom ingebring nie, derhalwe was hy bloot 'n politieke gevangene. Waar die Nasionale regering veronderstel is om die verteenwoordigers van die Afrikanervolk te wees, en Leibbrandt volgens sy eie oortuiging bloot ter wille van die Afrikanervolk gestry het, besit die verteenwoordigers van daardie volk geen reg om hom in gevangenskap te hou nie. Leibbrandt se wensdenkery is bewaarheid toe hy en 'n aantal politieke gevangenes wel 'n maand later as vry manne uit Baviaanspoort kon stap. Die oggend van Robey en die ander mede-gevangenes se vrylating, is deur 'n ongekende gees van opgewondenheid en vrolikheid in die muurlose tronk op Baviaanspoort gekenmerk. 'n Groot skare mense het buite die draadheining op hulle gewag, 'n Reusestoet motors het die vrygelatenes na Pretoria vergesel, waar talie verslaggewers en fotograwe op hul toegesak het

Die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, het in 'n persverklaring die vrystelling van politieke gevangenes deur die nuwe Nasionale Party-regering soos volg verklaar: „Hierdie besluit is geneem as gevolg van die innige begeerte van die nuwe Regering om die volk van die Unie te onthef van die spanning van die oor-logsjare en 'n einde te probeer maak aan al die onaangenaamhede en haatdraendheid wat daaruit voortgespruit het. Ek vertrou dat hierdie optrede van die Regering opgevat sal word in dieselfde

gees waarin die besluit geneem is en dat daar kalmte in die gemoedere van die volk sal bewerkstellig word met die oog op die hartlikste samewerking in die toekoms van alle opregte lands-burgers."

Adv. Swart se verklaring het egter nie verhoed dat daar 'n politieke storm oor die koppe van die vyf vrygestelde politieke gevangenes losgebars het nie. Massa protesvergaderings het oral in die land plaasgevind om die vlam van ontevredenheid aan te blaas. In die Johannesburgse Stadsaal het tieaduisend mense 'n protes-vergadering bygewoon om beswaar te maak teen die optrede van die Regering om gevangenes wat van hoogverraad aangekla is, summier vry te stel. Die *Rand Daily Mail* van 17 Junie 1948 het berig: „10,000 Protest against release ofLeibbrandt;CrowdCalls for Overthrow of Nat. Government." Die verslane Verenigde Party het in die geleentheid 'n uitstekende middel gevind wat hul tot eie politieke voordeel kon benut en uitbuit. Mnr. J. H. Hofmeyr, voorsitter van die Verenigde Party in Transvaal, het in 'n toespraak te Pretoria aangehaal: „The people of South Africa will be dismayed at the first act of the new Minister of Justice in releasing prisoners who were found guilty of high treason . . . This act is a smack in the face for men and women who fought to free the world from Nazism, and who were the real saviours of white civilisation …"

Hoe harteloos hierdie poging tot opsweping teen die Nasionale Regering werklik was, blyk uit die feit dat die Smuts-regering wel ook 'n aantal politieke gevangenes, veral oud-Ossewabrandwag-lede, sedert Februarie 1947 vrygestel het. Hieronder was persone wat 'n vonnis van tien jaar, deur 'n Spesiale Hof opgelê, moes uitdien. Hierdie vrylatings was geheim gehou en die pers het dit verswyg. Leibbrandt het hierna talie naamlose dreigbriewe ontvang. Die een wou hom doodskiet en die ander hom ophang. Hoe weinig hy hom hieraan gesteur het, is duidelik weerspieël deur 'n berig wat in *Die Vaderland van* 24 Junie 1948 verskyn het. Onderaan sy foto is die volgende gemeld: „Oënskynlik argeloos oor die politieke veldbrand wat as gevolg van sy loslating ontstaan het, beweeg Leibbrandt hom nonsjalant deur die strate van die ou Transvaal hoofstad en gesels hy op kalme wyse met ou vriende, kennisse en nuuskieriges."

Hierdie was egter nie die laaste skote oor die vrylating van die politieke gevangenes nie en die saak is weer te berde gebring, dié keer in die Volksraad, maar met 'n totale ander wending en antiklimaks veral vir diegene wat die saak weer eens buite ver-

band wou ruk. Op 10 September 1948 het die volgende berig in *Die Transvaler* verskyn: „Veldm. Smuts nie teen loslating gekant." Mnr. Harry Lawrence, voormalige Minister van Justisie, het die Leibbrandt-geval en sy loslating in die Volksraad geopper en heftig beswaar gemaak teen die optrede van die Regering in dié saak. Die debat, wat in een stadium warm geword het en humeure laat opvlam het, het egter in teenstelling met mnr. Lawrence se klaarblyklike verwagtings, op 'n antiklimaks uitgeloop nadat die Leier van die Opposisie, veldmaarskalk Smuts, 'n toespraak afgesteek het wat te kenne gee dat hy in beginsel nie teen die vry-latings gekant is nie.

Die Leier van die Opposisie het onder meer gesê: „Ons handel hier met 'n deel van 'n tragedie uit die verlede." Op 'n nostalgiese wyse het hy vertel hoe hy in sy jong dae aanvoerder van 'n Boere-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog was, en in daardie kommando was 'n jong heliografis met die naam van Leibbrandt. Op 'n keer het hy Leibbrandt met drie ander manne gestuur om die vyand se bewegings dop te hou. Die vier manne het na hul poste gegaan en het die hele dag lank geen verslag van óf hulle bewegings of van die vyand gekry nie. Laat daardie nag het Leibbrandt en sy drie maats teruggekeer met tien Engelse gevangenes. Op die plek waar hulle gestasioneer was, het hulle 'n vyandelike patrollie teëgekom. Hulle het vier gedood en tien ge-vange geneem. „Daardie Leibbrandt was die vader van Robey Leibbrandt. Hy was een van die dapperste manne wat ek op die slagveld leer ken het."

Smuts het vertel dat Robey se vader en moeder hom voor die verkiesing kom sien het in verband met die vrylating van hul seun. Sy antwoord aan die twee ou mense was dat Robey moontlik die een of ander tyd losgelaat kon word, maar dat hy reken dat dit toe 'n ongeleë tyd was om die saak verder te voer. Hy het die belofte aan hulle gegee dat die saak later hersien sou word. Ten slotte het veldm. Smuts verklaar dat die enigste fout wat die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, na sy mening gemaak het, was dat hy in dié geval te haastig opgetree het in 'n saak wat in alle geval op 'n later stadium vir hersiening na vore sou kom. Hierdie toespraak van Smuts het die wind uit die seile van diegene in sy eie partygeledere geneem wat te velde getrek het teen die vrylating van die politieke gevangenes, en so is die saak op die agtergrond geskuiwe. Die vraag duik onwillekeurig by 'n mens op: Waarom het Robey Leibbrandt nie aan die galg gesterf nie? Hy was 'n terdoodver-oordeelde, maar tog het die Smuts-regering nie die vonnis voltrek

nie. Wyle generaal Smuts was self vir hierdie besluit verant-woordelik. Hoewel niemand ooit daarna verwys het nie, is die gedagtes teruggevoer na 'n geval van twintig jaar gelede toe 'n jong Afrikaner op aanklag van hoogverraad die hoogste tol betaal het. Die onverbiddelikheid en ongenaakbaarheid waarmee die teregstelling van Jopie Fourie geskied het, was nou na al die jare nog diep gegrif in baie Afrikanerharte - vergewe kon hulle, maar vergeet, nooit!

Die hoe agting wat Robey Leibbrandt vir generaal Smuts se leierspersoonlikheid gehad het, is besonder insiggewend. Smuts was vir hom in vele opsigte 'n reus. Aan die muitere front was hy die groot veldheer; aan die politieke front was hy die onver-skrokke leier en argitek. Sy woord was wet en orde. Hy was die stukrag, die inspirasie en brein van bykans geheel Suid-Afrika. Sy dinamiese persoonlikheid het gelyktydig respek afgedwing en vrees ingeboesem. Sonder hom sou die Suid-Afrikaanse oorlogspoging soos 'n kaartehuis inmekaar getuimel het; sonder hom sou daar chaos in die land ontstaan het. Leibbrandt het erken dat duisende Suid-Afrikaners in die Noorde 'n heroï'ese stryd gestry het vir dit wat hulle geglo het reg is. Generaal Smuts het in die stryd sy verpligtinge teenoor die Geallieerdes nagekom, maar sonder sy toedoen het Kommunistiese Rusland hom in die stryd teen Nasionaal-sosiah'stiese Duitsland gewerp en Kommunistiese Rusland het plotseling 'n bondgenoot van Suid-Afrika geword. Die ateïstiese Kommunis was nou die Suid-Afrikaanse soldaat se wapenbroer. Robey Leibbrandt beweerdathydiébondgenootskap wou verhinder, skaad en beëindig, en hy het onomwonde verklaar: „Wees dapper, wees ridderlik en wees opreg. Lees die skrif aan die muur en erken ek was reg. Kommunistiese Rusland gaan seëvier."

Leibbrandt het die lede van sy Nasionaal-sosialistiese Rebelle ywerig geleer hoe om brand- en tydbomme te vervaardig, sodat die verbindingslinies na die Noorde opgeblaas kon word. Daar sou geen bevel vir sodanige optrede wees nie. Wat die teken hiervoor sou wees, het niemand geweet nie. Dit was egter nie nodig om te raai nie, want die blote teken tot dié daad sou Suid-Afrika tot in sy fondamente skud. Die groot leiersgestalte van generaal Smuts sou op die regte sielkundige oomblik soos 'n geweldige eikeboom neergevel word. Robey Leibbrandt, leier van die Nasionaal-sosiah'stiese Rebelle, sou hierdie vreeslike daad self pleeg. „Hy sou op die verhoog en ek op die vloer gesterwe het. Hy deur 'n nietige stukkie lood in 'n koeël gegiet. Ek sou gehang gewees het.

My getroue kameraad, Johannes van der Walt, sou my plek as leier ingeneem het."

Die Voorsienigheid het dit so beplan dat Robey Leibbrandt nie gehang sou word nie en God het ook bepaal dat generaal Smuts 'n natuurlike dood sou sterf. Hoe anders kon alles nie gewees het nie. Leibbrandt voer aan dat, indien hy met die val van Tobruk nog op vrye voet was, dit die regte oomblik sou wees om Jan Christiaan Smuts van sy troon te laat tuimel, want juis toe het die moreel van Smuts se oorlogsondersteuners hul laagwatermerk bereik.

„My selfopgelegde missie en vasberade plan om genl. Smuts dood te skiet durf nooit dien as navolgingswaardige voorbeeld vir selfs die grootste politieke skollie nie. My optrede moet egter gesien word in die tydsgewrig en teen 'n agtergrond wat hom nooit weer in menseheugenis sal voordoen nie."

Toe generaal Smuts op sy sterfbed op Irene gele het, het Robey dié telegram aan hom gestuur: „Ek respekteer u as 'n groot leier, 'n moedige vegter en 'n dapper vyand. Spoedige herstel, Generaal."

Vergeet was die haat en nyd van die verlede. Vergeet was die leed en pyn. Dit was 'n stryd sonder genade.

# *Die laaste skof*

Na sy vrylating in 1948 het daar 'n steil en opdraande stryd vir Robey Leibbrandt voorgele. Sy naam en reputasie was 'n ver-skrikking vir talie. Hoewel sy kwalifikasies as liggaamsopvoe-dinginstrukteur gunstig vergelyk het, kon hy nêrens 'n betrekking kry nie. Hy was genoodsaak om weer eens tot die beroepskryt toe te tree, maar ook hier was daar talie struikelblokke, want kon-trakte in die naoorlogse jare was uiters skaars. Hy het tóg 'n mate van sukses gehad en die meeste gevegte waaraan hy deelgeneem het, het hy soos van ouds met uitklophoue gewen. Die jare wat hy in die tronk deurgebring het, het egter hul merk gelaat en sy fisiese gestel kon nie die aanhoudende straf verduur nie.

In 1949 is hy getroud met Eda Botha, 'n meisie wat hy na sy vrylating ontmoet het. Robey was toe ses en dertig jaar en sy bruid agtien jaar oud. Glimlaggend het sy vertel dat hy haar eintlik grootgemaak het. . . Die huwelik het plaasgevind in die huis van mnr. Jaap Steyn, eertydse burgemeester van Windhoek en 'n kennis van Robey. Met hierdie geleentheid het die bruidegom be-wys dat sy vuur nog geensins geblus was nie, en getrou volgens gewoonte het hy - soos die Führer - 'n vurige toespraak gelewer. Robey het trouens self vertel dat hy met die oulikste nooientjie getroud is wat hy in al sy omswerwinge ontmoet het. Getrou het sy saam met hom die stryd teen dreigende armoede aangepak en saam het hulle geseëvier. Enersyds was Robey, die mens, vir haar en sy gesin 'n bron van krag en vertroosting in die tye van swaar-kry en nood. Vir haar was hy altyd die liefdevolle vader en egge-noot.

Uit Robey en Eda se huwelik is vyf kinders gebore, nl. Hermann, Remer, Izan, Rayna en Meyder Johannes. Die tweedegeborene is heel vroeg oorlede en is in Pretoria begrawe. Namate Robey finansiële stabiliteit gekry het, het hy 'n blomme-plasie by Honeydew naby Johannesburg gekoop en hier het hy deur harde werk sy posisie versterk. Na 'n jaar het hy die plasie teen 'n groot wins van die handgesit. Die Leibbrandt-gesin het vervolgens na Springbok verhuis, waar Robey in vennootskap 'n slaghuis ge-

open het. Hier het dit werklik goed gegaan en het Robey in der waarheid 'n groot vriendekring opgebou. Blank en Nie-Blank was ewe lief vir Robey as gevolg van sy goedhartigheid en mededeel-saamheid. Vir die armes het hy gegee wat hy kon. Na sy dood het ene Biskop van Springbok 'n telegram van medelye aan sy eggenote gestuur. Dit was 'n huldeblyk van al die armes, soos dit gelui het, in wie se harte Robey onuitwisbaar gegrif was deur sy mededeelsaam-heid wat hy aan hulle betoon het. Robey Leibbrandt het gewoeker met geld, nooit was hy suinig nie, maar altyd vrygewig. Hy wou lewe, tussen mense lewe, want geld alleen het hom onbevredig gelaat; dit was vir hom bloot 'n materiële en tydelike ga we. Die af-skeid van Springbok het swaar op die hart van Leibbrandt gele toe die gesin na Bloemfontein verhuis het.

In Bloemfontein het Robey 'n motorhawe, *Robey Leibbrandt Motors,* geopen. Spoedig hierna het die één terugslag na die ander hom getref en hy het altyd nagehou dat Bloemfontein hom nie goedgesind was nie. In 1962 kry hy die eerste van vier hartaanvalle, en as gevolg van sy siekte, het dit met sy besigheid ook nie so goed gegaan nie. Spoedig na sy herstel, loods hy weer eens sy *Anti-Kommunistiese Beskermingsfront* ter bestryding van die Kommu-nisme in Suid-Afrika. Hy het 'n aantal pamflette onder die opskrif, *Ontwaak Blank Suid-Afrika,* versprei.

Op 22 Maart 1950, het hy alreeds in Windhoek sy eerste openbare anti-kommunistiese toespraak gelewer. Hierna het *Die Suidwester* dit goedgedink om sy anti-kommunistiese front aan te val, want volgens dié blad sou dit net 'n poging wees om verdeeldheid binne nasionale geledere te saai. Robey het egter nie die nodige finansiële middele en kapitaal tot sy beskikking gehad om die ideaal verder te voer nie en hy moes noodgedwonge die stryd tydelik op die lange baan skuiwe, maar dit sou by hom 'n lewensideaal bly om teen die gevare en bedreiginge van die Kommunisme te waarsku. In sy pamflette het daar 'n aantal slagspreuke verskyn. Die meeste hiervan is treffend en wat die opvallendste is, is die skoon en sui-wer Afrikaans wat hy gebesig het.

Rofaey Leibbrandt het ten einde laaste sy motorsaak verkoop. Op hierdie tydstip is hy deur 'n bekende in Bloemfontein as lid van die Afrikanerklub aanbeveel. Tot sy ontsteltenis moes Robey verneem dat dié klub die betrokke aand deur die voormalige leier van die Ossewabrandwag, dr. H. van Rensburg, toegespreek sou word. Dadelik het hy hom onttrek, want soos reeds bekend, was dit nie twee persone wat langs dieselfde vuur gesit het nie. Hierna het

Leibbrandt 'n skryf behoeftewinkel geopen, maar weer eens het die geluk teen hom gedraai en dit het misluk,

Robey Leibbrandt se liefde vir die bokskryt het nooit verflou nie en nadat hy lank reeds die bokskryt vaarwel gesê het, het hy nog met boksafrigting gehelp, en onder andere ook die boksers van die Vrystaatse Universiteit met raad bedien. Sy uitgesprokenheid het egter later meegebring dat hy uit die Vrystaatse Boksbond getree het omdat hy nie met ander lede van die Bond oor een of ander saak kon saamstem nie.

'n Laaste opspraakwekkende gebeurtenis was die lasteraksie wat Robey Leibbrandt teen 'n Engelstalige nuusblad aanhangig ge-maak het toe dié hom as 'n „self-confessed Nazi saboteur and spy" beskryf het. Hofsake was Robey se groot liefde en hy het dié saak in die Hooggeregshof gewen, maar in die Appèlhof waar hy sy eie saak behartig het, was die saak met koste teen hom uitgewys. Die onkostes van die saak was so geweldig dat Robey sy woning en motor moes verkoop. Hierdie fmansiële terugslag het hom ui-ters gevoelig getref, maar hy het hom nie daardeur Iaat onderkry nie en hy het toe vir 'n aantal maande by Port Nolloth gaan kreef vang.

In 1965 het Robey weer eens 'n kwaai hartaanval gehad, maar met sy kenmerkende wilskrag en deursettingsvermoë het hy van die siekbed herstel en 'n groentewinkel in Ladybrand geopen. Die onderneming het vinnig vooruit gegaan en sake het nou vir die eerste keer in 'n aantal jare al hoe meer rooskleurig geraak, 'n Laaste brief wat Leibbrandt aan die pers gerig het, was in Junie 1966. In dié brief, gerig aan 'n bekende Sondagkoerant, het Robey geweldig te velde getrek teen 'n politikus se voorstel dat Afrikaans die enigste ampstaal in die Republiek moes wees. Vir vele sal dit stellig 'n verrassing wees om te sien welke standpunt Robey Leibbrandt oor dié kwessie ingeneem het. In sterk bewoording het hy te kenne gegee: „Voorwaarts Engelssprekende Suid-Afrikaners! Ons het u net so nodig as wat u ons het. U sal u taal behou net so seker as wat ek my taal sal behou. Saam sal ons veg en saam sal ons sterwe ... Ons vir jou Suid-Afrika!" Die brief lig die sluier verder oor die geaardheid van hierdie kleurvolle figuur. Vir hom was alles net spierwit of pikswart en oor die pikswartes het hy die ergste verdoemenis uitgespreek. Hy wou geen genade ontvang of betuig nie.

Opvallend van Robey Leibbrandt se byna ongenaakbare persoon-likheid, was die deernis waarmee hy teenoor klein kindertjies op-getree het en by die aanskoue hiervan, gaan daar weer nuwe lig

op oor die persoon wat in sy uiterlike voorkoms so hard en brutaal voorgekom het. Innerlik was hy tog ook 'n saggeaarde mens, maar van sy hart het hy geen moordkuil gemaak nie en hy het ook nie met sy gevoelens op sy mou rondgeloop nie. Hy het gesê en gedoen wat hy gedink het reg was, ongeag waar en wanneer, en nooit het hy met mooi woordjies 'n slegte saak probeer goedpraat nie. Sy soms roekelose optrede was voldoende bewys hiervan. Robey Leibbrandt was 'n man met die hart van 'n leeu -'n mens wat geen kompromis kon of wou tref nie. Vir hom was 'n saak net wit of swart. Hierdie eienskappe het grootliks daartoe bygedra dat Robey Leibbrandt by die leserspubliek algemeen bekend was, sy eie unieke lewenservaringe, sy aandeel in hofsake en die lasteraksies teen nuusblaaie was algemeen. Ongetwyfeldhetdie eienskap van grootsheid en verhewendheid in sy persoonlikheid, gepaardgaande met sy bruuske uitgesprokenheid, sy omgang met mense bemoeilik. Die vraag duik onwillekeurig op: tot welke hoogtes sou hierdie man nie uitgestyg het nie indien sy menslike verhoudinge meer besadig van aard was, want met sy dinamiese persoonlikheid het hy kop en skouers bo die mens van die dag uitgetroon ?

Die heengaan van Robey Leibbrandt op l Augustus 1966 te Lady-brand, het onverwags gekom, alhoewel hy die laaste jare van sy lewe met 'n hartkwaal gepla was. Diegene wat in hom 'n vriend gehad het, het geweet dat hulle op hom kon staatmaak en veral hulle het sy heengaan betreur.

Ds. D. Snyman het die roudiens in die N.G. Moederkerk waarge-neem. Die lyksrede was na aanleiding van Psalm 90, „Die Ver-ganklikheid van die Mens". Robey het altyd gesê dat hy opge-groei het met die oortuiging dat hy geen nederlaag wou lei nie, By die aanhoor van dié woorde dwaal die gedagtes onwillekeurig terug na die treffende opskrif van die Psalm. Robey Leibbrandt was oortuig daarvan dat God wel 'n doel met hom op aarde het en hy het telkens daarvan melding gemaak. Robey het vas geglo in sy God, maar met miskenning van Christus as Middelaar. Teen die agtergrond van sy geloofsoortuiging, moet in ag geneem word dat hy 'n oortuigde en fanatieke Nasionaal-sosialis was. Indien daar ingegaan word op die Nasionaal-sosialisme as ideologie, is dit duidelik hoekom Robey vir Christus as bloot 'n internasionale figuur beskou het, want Christus was vir die Nasionaal-sosialiste 'n ewig verwerplike Jood. Die Jood was vir hulle die vader van die Kommunisme - Karl Marx. Die ideologie van Nasionaal-sosialisme was vir Robey Leibbrandt

die rigsnoer van sy lewe, in sy godsdiens en in sy lewens- en wêreldbeskouinge en daarom het hy ook verklaar dat *Mein Kampf* van Hitler sy enigste Bybel was. Alleen daardie kenmerke van dapperheid in die ewig-geldende daad, nie die lydsaamheid en liefde nie, was die enigste waardes wat die Nasionaal-sosialis in die persoon van Christus erken het. Sonder inagneming van Nasionaal-sosialisme as geestesstroming, sal die opvattinge en be-skouinge wat Robey Leibbrandt nagehou het, nie in die regte pers-pektief geplaas kan word nie, veral sover dit betref die ewig-geldende *DAAD* wat by hom alles was, en waarin hy onwrikbaar tot die laaste geglo het. Vir hom was sy Vaderland en Volk alles en daarvoor was hy bereid om te sterwe. Hierdie parallel kan ons terugvoer na die NasionaaJ-sosiah'stiese beskouinge waar die volk die hoogste geheel was en die enkeling onder die beslag van die volksgemeenskap geplaas word.

„My volk is alles, ek as individu is *NIKS."* Hiervolgens is die optrede en handelwyse van Robey Leibbrandt, fanatieke aanhanger en navolger van die Nasionaal-sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing, te verklaar en te verstaan. Dit het vir hom alles ingehou, dit was die rigsnoer van sy lewe en daarvoor was hy bereid om te sterf- die man van *DAAD.*

# Bronnelys


INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS, UOVS, BLOEMFONTEIN

J. D. Jerling-versameling.

S. R. Leibbrandt-versameling.

OFFISIËLE STAATSPUBLIKASIES

*Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad.* Deel 43, {Parlementêre Drukker, Kaapstad).

GEPUBLISEERDE WERKE

Van Rensburg, J. F. J., *Their Paths Crossed Mine. Memoirs of the Comman-dant-General of the Ossewa-Brandwag.* (CNA, Parow, 1956).

ONGEPUBLISEERDE WERKE EN VERHANDELINGE

Leibbrandt, R., *Geen Genade.* (Bloemfontein, 1966). Ongepubliseerde outo-biografie. Le Roux, J. H., *Robey Leibbrandt.* (INEG, UOVS, 1966). Ongepubliseerde biografie. Van Heerden, F. J., *Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948.* (D. Phil. proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1972).

PERIODIEKE PUBLIKASIES

Die SA Beeld.
Die Transvaler.
Die Vaderland.
Rand Daily Mail.
Sunday Express.
Sunday Times.
The Star.

TYDSKRIF ARTIKELS

Lawrence, H. G., *The Leibbrandt Trap,* in die *Sunday Times,* i April 1973. Leibbrandt, R., *Hoe Leibbrandt deur Smuts gered is - Robey vertel selfvan sy avonture,* in *Die SA Beeld, l* Augustus 1966. Taillard, kol. J., *How I led him into the Trap,* in die *Sunday Times,* l April 1973. Taillard, kol. J., *Vang vir Leibbrandt, lewend of dood,* in die *Huisgenoot,* 21 Januarie 1972. Taillard, kol. J., *Só het ek Leibbrandt vasgetrek,* in die *Huisgenoot,* 28 Januarie 1972.

PAMFLETTE

Leibbrandt, R., *Ontwaak Slank Suid-Afrika.* (Anti-Kommunistiese Besker-mingsfront, Bloemfontein, g.d.)